



Wes-Kaapse  
Regering

Kultuursake en Sport

# Jaarlikse Prestasieplan 2022/2023

# **Departement van Kultuursake en Sport Wes-Kaap**

## **Jaarlikse Prestasieplan**

---

**2022/23**

**Maart 2022**

In die geval van vertaalfoute tydens die vertaling van die dokument word die Engelse weergawe van hierdie verslag, as bronstaal, as die amptelike teks beskou.

# INHOUDSOPGawe

Verklaring deur Uitvoerende Gesag .....	4
Verklaring deur Rekenpligtige Beampte .....	5
Amptelike aftekening .....	6
Akronieme .....	7
DEEL A: ONS MANDAAT .....	9
1. Bywerkings tot die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate .....	9
1.1 Grondwetlike mandate .....	9
1.2 Wetgewende en beleidsmandate .....	11
1.3 Beleidsmandate .....	15
2. Bywerkings tot institusionele beleide en strategieë .....	39
2.1 Institusionele benaderings .....	39
2.2 Diensleweringverbeteringsplan .....	43
2.3 Beplande beleidsinisiatiewe .....	44
3. Bywerkings tot tersaaklike hofuitsprake .....	45
DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS .....	47
4. Bygewerkte omstandigheidsontleding .....	47
4.1 Ontleding van die eksterne omgewing .....	47
4.2 Interne omgewing .....	51
DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE .....	56
5. Program 1 Prestasie-inligting .....	57
5.1 Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk .....	59
5.2 Program se hulpbronnoorwegings .....	60
5.3 Bygewerkte sleutelrisiko's .....	60
6. Program 2 Prestasie-inligting .....	62
6.1 Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk .....	66
6.2 Program se hulpbronnoorwegings .....	68
6.3 Bygewerkte sleutelrisiko's .....	69
7. Program 3 Prestasie-inligting .....	70
7.1 Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk .....	74
7.2 Program se hulpbronnoorwegings .....	76
7.3 Bygewerkte sleutelrisiko's .....	77
8. Program 4 Prestasie-inligting .....	79
8.1 Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk .....	83
8.2 Program se hulpbronnoorwegings .....	84
8.3 Bygewerkte sleutelrisiko's .....	85

9.	Openbare entiteite .....	86
10.	Infrastruktuurprojekte.....	87
11.	Publieke-Private Venootskappe .....	87
	DEEL D: TEGNIESE AANWYSERBESKRYWINGS (TAB) .....	88
	BYLAE A: WYSIGINGS AAN DIE STRATEGIESE PLAN.....	160
	BYLAE B: VOORWAARDELIKE TOELAES.....	161
	BYLAE C: GEKONSOLIDEERDE AANWYSERS .....	166
	BYLAE D: DISTRIKSONTWIKKELINGSMODEL .....	167

# **Verklaring deur Uitvoerende Gesag**


Terwyl ons fokus op herstel en groei ná die swaar gevolge van die COVID-19-pandemie, speel die Departement van Kultuursake en Sport 'n deurslaggewende rol in die daarstelling van veilige ruimtes en geleenthede vir ekonomiese, liggaaamlike en geestelike welstand. Ons poog om ons gemeenskappe te voorsien van toegang tot ekonomiese geleenthede, en bevorder terselfdertyd 'n gesonde leefstyl ten einde 'n gevoel van holistiese welstand te handhaaf.

Weens die beperkings van die pandemie was veral ons kuns- en kultuur- en sportsektor sonder die ondersteuning van lewende gehore of toeskouers platgeslaan. Aangesien ons nou proaktief tot die herstel van hierdie sektore bydra, beoog die departement om die nodige ondersteuning te bied om te verseker dat diegene wat nadelig geraak is, weer met hernieuwe hoop die toekoms kan aanpak.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan duif die maatreëls aan wat ingestel is om ons visie, missie en strategiese doelwitte te bereik in ooreenstemming met prestasieteikens in die bewilligde begroting vir die boekjaar 2022/23, asook die provinsiale strategiese plan en visie-geïnspireerde prioriteite. Ons wend steeds alle pogings aan om veilige en bemagtigde gemeenskappe te skep en veral om 'n gevoel van optimisme en waarde te kweek onder diegene aan wie ons 'n diens lewer.

Alhoewel ons steeds binne 'n krimpende fiskale omgewing werk, poog ons om innoverende maniere te vind om die uitdagings wat deur kleiner begrotings en toenemende eise van ons gemeenskappe teweeggebring word, die hoof te bied.

Ons sal voortgaan om met ons verskeie interne en eksterne belanghebbendes saam te werk om toe te sien dat ons die riglyne volg wat vir die jaar vorentoe in hierdie plan uiteengesit is. Ek sien uit daarna om die nodige politieke leiding en leierskap ter ondersteuning van ons gemeenskappe te verskaf deur hulle veilig, verbind, aktief en gesond te hou.



**ANROUX MARAIS, LPP**

**UITVOERENDE GESAG VAN KULTUURSAKE EN SPORT**

**18 FEBRUARIE 2022**

# **Verklaring deur Rekenpligtige Beampte**

Die Jaarlikse Prestasieplan vir 2022/23 is belyn met die departementele Strategiese Plan 2020-2025, die Wes-Kaapse Regering se Strategiese Plan 2019-2024, en die vier temas van die Provinciale Herstelplan, naamlik reaksie op COVID-19, werkgeleenthede, veiligheid en welstand. Die Departement sal hierdie planne implementeer wat onderstut word deur die visie-geïnspireerde prioriteite, naamlik die bemagtiging van mense en veilige en samehorige gemeenskappe.

As 'n departement verstaan ons dat ons nie na 'normaliteit' kan teruggaan nie, of na hoe dinge voor die pandemie was nie, en om hierdie rede het ons belangrike veranderinge aangebring aan ons lewingsmodel wat meer met ons 'nuwe normaal' ooreenstem. Die Departement sal met hierdie doel voor oë die bestuurde netwerkmodel implementeer en 'n kultuur om met die hele samelewing saam te werk, institusionaliseer om samewerking te verbeter en sterker koördinering met ander provinsiale departemente, nasionale regering, distriks- en plaaslike munisipaliteite, die burgerlike samelewing, vennote in die privaat sektor en die gemeenskappe aan wie ons 'n diens lewer, te verseker.

Gegewe die disproportionele impak wat werkloosheid op die jeug gehad het, sal die Departement voortgaan om deur die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) die skepping van werkgeleenthede te faciliteer en om sy jeugprogramme op te skaal.

Maatskaplike samehorigheid is die gom wat 'n samelewing saambind, en dit word onder meer deur deelname aan kuns-, ontspanning- en sportintervensies bevorder en aangemoedig. Volgens die 'World Economic Forum Global Risk Report 2022' is die verwering van maatskaplike samehorigheid die risiko wat sedert die begin van die COVID-19-krisis wêreldwyd die meeste toegeneem het. Die regulasies wat ingestel is om die verspreiding van COVID-19 te beperk, het daartoe gelei dat versagende intervensies verbied word en sodoende mense afgesonder hou. Die Departement sal voortgaan om te streef na die versagting van die negatiewe impakte van die pandemie, soos sedentêre gewoontes en die agteruitgang van geestesgesondheid, deur toestande te skep vir individue en gemeenskappe om toegang en geleenthede vir deelname aan die samelewing te kry.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan is daarop gerig om die Departement se noodsaaklike en statutêre dienste met die oorkoepelende beleidsprioriteite van die NOP, die MTBR en dié van die provinsie te belyn, soos uiteengesit in die PSP en WK Herstelplan en alle ander inisiatiewe van hierdie aard.

Ondanks die impak van die COVID-19-pandemie, bly die Departement standvastig in die bevordering van sy visie as 'n maatskaplik inklusieve, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap deur die ondersteuning en bevordering van ontspanning, sport, kuns en kultuur.



**GUY REDMAN**

**REKENPLIGTIGE BEAMpte VAN DIE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT**

**28 MAART 2022**

# Amptelike aftekening

Hiermee word verklaar dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- opgestel is deur die bestuur van die Departement van Kultuursake en Sport onder leiding van minister Anroux Marais;
- al die tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Departement van Kultuursake en Sport verantwoordelik is, in ag neem; en
- 'n akkurate weergawe is van die impak, uitkomste en uitsette wat die Departement van Kultuursake en Sport sal poog om in die tydperk 2022/23 te behaal.

**Brenda Rutgers**

**Bestuurder: Program 1**



Handtekening

**Me Cecilia Sani**

**Bestuurder: Program 2 & 3**



Handtekening

**Dr Lyndon Bouah**

**Bestuurder: Program 4**



Handtekening

**Brenda Rutgers**

**Hoof Finansiële Beampte**



Handtekening

**Shaun Julie**

**Direkteur: Strategiese en Bedryfsbestuursondersteuning**



Handtekening

**Guy Redman**

**Rekenpligtige Beampte**



Handtekening

**Goedgekeur deur:**

**Anroux Marais**

**Uitvoerende Gesag**



Handtekening

# Akronieme

AARP	Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk
AtoM	Access to Memory
CARES	Kultuur, kuns, ontspanning, onderwys en sport
CASMIS	Bestuursinligtingstelsel vir Kultuursake en Sport
COHC	Wieg van Mensekultuur
DLVP	Diensleweringverbeteringsplan
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DORA	Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)
DSA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DSKK	Departement van Sport, Kuns en Kultuur (nasionale departement)
EE	Diensbillikheid
EWK	Erfenis Wes-Kaap
G-BBP	Geïntegreerde Bewaringsbestuursplan
GBBP	Gebruikerbatebestuursplan
GBVF	Geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord
GDMB	Gesamentlike distriks- en metrobenadering
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
HFB	Hoof Finansiële Beampete
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
IRB	Interregeringsbetrekkinge
LBKP	Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke
LPP	Lid van die Proviniale Parlement
LUR	Lid van die [Proviniale] Uitvoerende Raad (proviniale minister)
M&E	Monitering en Evaluering
MGO	Massadeelname; Geleenhede en toegang; Ontwikkeling en groei
MH	Menslike Hulpbronne
MTBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
MTSR	Mediumtermyn-strategieraamwerk
MvV	Memorandum van Verstandhouding
NEET	Nie in diens, onderwys of opleiding nie
NER	Nasionale Erfenisraad
NKR	Nasionale Kunsteraad
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie 2030
NRO	Nieregeringsorganisasie
NSOP	Nasionale Sport- en Ontspanningsplan
NSP	Naskoolprogram
NU	Nasionale uitkoms

OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
ORB	Ondernemingrisikobestuur
PALAMA	Staatsdiens se Leierskap- en Bestuursakademie
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PTK	Provinsiale Taalkomitee van PanSAT
PMG	Persone met gestremdhede
PN	Provinsiale kennisgewing
PSD	Provinsiale strategiese doelwit
RWM&E-stelsel	Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel
RSA	Republiek van Suid-Afrika
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
SAOBI	Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingsdiens
SASKOK	Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee
SBD	Senior Bestuursdiens
Se-I	Sentrum vir e-Innovasie
SGMDP	Siyadlala-gemeenskapsmassadeelnameprogram
SRSA	Sport en Rekreasie Suid-Afrika (nasionale departement)
SSMDP	Skoolsport-massadeelnameprogram
TAB	Tegniese aanwyserbeskrywing
UNESCO	Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie
UOWP	Uitgebreide Openbare Werkeprogram
UWK	Universiteit van Wes-Kaapland
VKB	Voorsieningskanaalbestuur
WBE	Weerstand en Bevryding Erfenisroete
WKTK	Wes-Kaapse Taalkomitee
WK	Wes-Kaap
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WPGNK	Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee
WKOD	Wes-Kaap Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse Regering
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WOGA	Hele-regering-benadering
WOSA	Hele-samelewingsbenadering

# DEEL A: ONS MANDAAT

## 1. Bywerkings tot die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) beskou die wetgewende mandaat waarop sy oorhoofse funksionering gebaseer is, as bindend, veral ten opsigte van doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering gegronde op die nasionale regering se Witskrif oor die Transformasie van Dienslewering in die Staatsdiens, die *Batho Pele*-initiatief. Die DKES funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die tabelle hier onder beskryf word.

### 1.1 Grondwetlike mandate

Artikel	Beskrywing
<b>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996</b>	
Artikel 6(3), (4) en (5): Taal	Die Wes-Kaapse Regering (WKR) moet by wyse van wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van ampelike tale reguleer en monitor. Alle ampelike tale moet gelyke aansien geniet en moet billik behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK), in oorleg met die DKES, is daarvoor verantwoordelik om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid, soos aanvaar in 2001, te monitor en te evalueer, en moet minstens een keer per jaar aan die Wes-Kaapse Provinciale Parlement oor hierdie mandaat verslag doen. Die DKES het toesig oor die WTK en versaf administratiewe en finansiële ondersteuning aan die komitee.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die DKES faciliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat die Departement aanbied en ondersteun.
Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe	Die DKES moet verseker dat sy programme en projekte die kultuur- en taaldiversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregerings-betrekkinge	Die DKES werk met alle vlakte van regering saam. Ingevolge sy spesifieke mandate werk die DKES ten nouste saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur (DKK) en Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA, die nasionale departement verantwoordelik vir sport en ontspanning); nasionale en provinsiale openbare entiteite; en munisipaliteite in die Wes-Kaap.
Artikel 156(4): Toewysing van bevoegdhede	Die DKES moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige voorwaardes aan 'n munisipaliteit die administrasie toewys of deleer van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklikerwys op plaaslike regering betrekking het, indien— <ul style="list-style-type: none"><li>• daardie aangeleentheid mees doeltreffend plaaslik geadministreer kan word; en</li><li>• die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer.</li></ul> Die DKES faciliteer die lewering van openbarebiblioteekdienste, wat plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou. Hierdie dienste word in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur met behulp van die Voorwaardelike Toelae vir Gemeenskapsbiblioteke gelewer, met verdere ondersteuning van die Provinciale Tesourie se munisipale vervangingsbefondsing.
Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale	Kultuuraangeleenthede: <ul style="list-style-type: none"><li>• Die DKES werk ten nouste saam met die DKK en verwante staatsorgane rakende konkurrente kuns-, kultuur- en erfenisangeleenthede.</li></ul>

<b>Artikel</b>	<b>Beskrywing</b>
wetgewende bevoegdheid	Taalbeleid en die regulering van amptelike tale in soverre die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinciale Parlement verleen: <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES werk ten nouste saam met die DKK en verwante staatsorgane rakende taalbeleidaangeleenthede.</li> </ul>
Bylae 5: Funksiionele gebiede van Eksklusiewe Provinciale Wetgewende Bevoegdheid	Argiewe, behalwe nasionale argiewe: <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe, behalwe nasionale argiewe, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens.</li> </ul> Biblioteke buiten en behalwe nasionale biblioteke: <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke, behalwe nasionale biblioteke, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en om ten nouste saam te werk met owerhede om 'n openbarebiblioteek- en inligtingsdiens te lewer.</li> </ul> Museums buiten nasionale museums: <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES het 'n mandaat om eksklusiewe provinsiale wetgewing rakende museums buiten nasionale museums te formuleer en die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale museumdiens, om ten nouste saam te werk met geaffilieerde museums en om hierdie museums te ondersteun.</li> </ul> Provinciale kultuuraangeleenthede (met inbegrip van erfenishulpbronbestuur en geografiese name): <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES voorsien Erfenis Wes-Kaap (EWK) – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (WNEH) aangestel is – van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe ondersteuning om sy regsmandaat uit te voer en te administreer. Die LUR (Lid van die [Provinciale] Uitvoerende Raad) stel die raad van EWK aan en is die aangewese erfenisappèlowerheid vir die Wes-Kaap.</li> <li>Die DKES verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinciale Geografiese Namekomitee (WKPGNK) om openbare deelname in verband met die standaardisering van, en veranderinge aan, geografiese name te faciliteer. Wanneer konsultasie afgehandel is, doen die provinsiale komitee aanbevelings by die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.</li> </ul> Sport: <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES het 'n mandaat om te help met die skep van 'n instaatstellingsomgewing vir provinsiale sport- en ontspanningsaktiwiteite.</li> </ul>
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer	DKES-amptenare moet die bepalings van artikel 195 nakom, wat 'n beskrywing gee van die demokratiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer. Artikel 195(1)(b) vereis die bevordering van die doeltreffende, ekonomiese en effektiewe aanwending van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, die maksimum voordele teen die laagste moontlike koste moet lewer.
Artikel 92 en 133	Artikel 92 bepaal dat lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik teenoor die Parlement aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die Parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien. Artikel 133 bepaal dat LUR'e van 'n provinsie gesamentlik en afsonderlik teenoor die provinsiale wetgewer aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die wetgewer van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien.

### **Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998)**

Artikel 5	Vir die doeleindeste van die Wes-Kaapse Regering moet: <ul style="list-style-type: none"> <li>die amptelike tale Afrikaans, Engels en IsiXhosa gebruik word; en</li> <li>hierdie tale gelyke status geniet.</li> </ul>
-----------	--

<b>Artikel</b>	<b>Beskrywing</b>
	<p>Die WKR moet sy gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur wetgewende en ander maatreëls reël en monitor.</p> <p>Die WKR moet ook praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status en gebruik van dié inheemse tale van die mense van die Wes-Kaap, waarvan die status en gebruik histories ingekort is, te verhoog en te bevorder.</p>
Artikel 70	<p>Provinciale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike finansiering, binne die beskikbare middele van die Wes-Kaapse Regering, vir 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel.</p> <p>Registrasie van en steun vir kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) is belas met die registrasie van, en steun vir, geregistreerde kultuurrade. Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die Kommissie verleen.</li> </ul>
Artikel 81	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet beleide om die welsyn van die mense van die provinsie daadwerklik te bevorder en te handhaaf, aanneem en uitvoer, insluitende beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en</li> <li>die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte.</li> </ul> <p>Die DKES implementeer spesifieke beleide om hierdie bepalings te ondersteun.</p>
Artikel 82	Die rigtinggewende provinciale beleidsbeginsels in Hoofstuk 10 (artikel 81) rig die Wes-Kaapse Regering by die opstel en toepassing van wette.

## 1.2 Wetgewende en beleidsmandate

<b>Nasionale wetgewing</b>	<b>Verwysing</b>	<b>Beskrywing</b>
Wet op Staatsdiensbestuur, 2014	Wet 11 van 2014	Om die basiese waardes en beginsels wat die staatsdiens beheer, soos na verwys in artikel 195(1) van die Grondwet, te bevorder; om voorsiening te maak vir die verplasing en sekondering van werknemers in die staatsdiens; om sake doen met die staat te reguleer; om voorsiening te maak vir kapasiteitsontwikkeling en -opleiding; om voorsiening te maak vir die daarstelling van die Nasionale Regeringskool; om voorsiening te maak vir die gebruik van inligting- en kommunikasiestegnologie in die staatsdiens; om die Eenheid vir Etiek, Integriteit en Dissiplinêre Tegniese Bystand in die Staatsdiens te vestig; om voorsiening te maak vir die Minister om minimum norme en standarde vir die staatsdiens te stel; om die Kantoor vir Standaarde en Nakoming te vestig om nakoming van minimum norme en standarde te verseker; om die Minister te bemagtig om regulasies op te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	<p>Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, genoteerde openbare entiteite, grondwetlike instellings en provinsiale wetgewers;</li> <li>verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van hierdie instansies doeltreffend en doelmatig bestuur word; en</li> </ul>

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		<ul style="list-style-type: none"> <li>omskryf die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur van hierdie liggame toevertrou is.</li> </ul>
Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig deur, onder meer, die Staatsdiens-wysigingswet, 2007)	Proklamasie 103, Staatskoerant 15791, 3 Junie 1994 en Wet 30 van 2007.	Hierdie Wet maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van die DKES, die regulering van die diensvoorwaardes, ampstermyne, disciplinering, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en verwante aangeleenthede.
Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)	Daar is elke jaar 'n nuwe Wet.	<p>Die Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>maak elke jaar voorsiening vir die billike verdeling van inkomste, wat nasionaal ingevorder word tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere;</li> <li>bepaal elke jaar elke provinsie se billike deel van die provinsiale gedeelte van daardie inkomste; en</li> <li>maak elke jaar toewysings aan provinsies, plaaslike regerings of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van daardie inkomste, onderhewig aan voorwaardes.</li> </ul> <p>Die DKES ontvang voorwaardelike toelaes van die nasionale regering en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie fondse.</p>
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die staat, regeringsinstellings en private liggame gehou word. Die DKES en alle ander openbare en private liggame moet onder meer: <ul style="list-style-type: none"> <li>'n handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek om toegang tot inligting, wat deur daardie liggaam gehou word, in te dien; en</li> <li>'n inligtingsbeampte aanstel om versoeke om toegang tot inligting, wat deur die liggaam gehou word, te oorweeg.</li> </ul>
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: <ul style="list-style-type: none"> <li>sit die reëls en riglyne uiteen wat administrateurs moet volg wanneer besluite geneem word;</li> <li>vereis dat administrateurs mense in kennis stel van hul reg op hersiening of appèl en hul reg om redes te versoek;</li> <li>vereis dat administrateurs redes vir hul besluite moet verstrek; en</li> <li>verleen aan lede van die publiek die reg om die besluite van administrateurs in 'n hof te betwis.</li> </ul>
Wet op Kulturele Instellings, 1998	Wet 119 van 1998	Die DKES moet met nasionaal verklaarde kulturele instellings skakel en saamwerk ten opsigte van kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Wet op Bevordering van Kultuur, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die Wet.
Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die Wet.
Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Adviesraad vir die Nasionale Argief te dien. Die Departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die nasionale norme en standaarde wat ingevolge hierdie Wet ingestel is.
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Nasionale Kunsteraad (NKR) te dien, vir samewerking en koördinering met die NKR en vir

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		die administrasie van NKR-befondsing vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse verteenwoordiger om in die Nasionale Erfenisraad (NER) te dien, en vir samewerking en koördinering rakende aktiwiteite in verband met befondsing en projekte van die NER in die Wes-Kaap.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Die DKES verseker nakoming van die WNEH deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Raad van Erfenis Wes-Kaap, om in die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) te dien.  Die DKES verseker ook nakoming van die vereiste dat die LUR 'n Raad vir EWK – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die WNEH aangestel is – moet aanstel. Die Departement is verantwoordelik vir skakeling en samewerking met SAEHA, EWK en munisipaliteite vir die bestuur van erfenishulpbronne. Die DKES lewer ook bystand aan die LUR met appelle wat by hom of haar teen besluite van EWK ingedien word.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Hierdie Wet vereis onder meer dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n provinsiale taalkomitee (PTK) in elke provinsie tot stand bring. 'n Wes-Kaapse PanSAT-PTK is in Augustus 2019 tot stand gebring. Die Wes-Kaapse Taalkomitee word deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad erken.
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings in hierdie Wet om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger te benoem om in die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te dien; om navorsing te doen oor geografiese name in die Wes-Kaap; om standaardisering te verseker; en om waar nodig openbare deelname ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan hierdie name te fasiliteer. Die Departement verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinciale Geografiese Namekomitee. Wanneer raadpleging afgehandel is, maak die WKPGN aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Suid-Afrikaanse Wêrelderfeniskonvensiekomitee te dien.  Die Departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie ten opsigte van die benoeming van potensiële terreine vir die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys, en die benoeming van terreine vir die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys vir oorweging deur UNESCO se Wêrelderfeniskomitee.
Wet op Nasionale Sport en Ontspanning, 1998	Wet 110 van 1998	Die Wet maak voorsiening vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en die koördinering van betrekkinge tussen SRSA, SASKOK (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee), sportfederasies, sportrade en ander agentskappe.  Die Wet maak verder voorsiening vir maatreëls wat daarop gerig is om wanbalanse in sport en ontspanning reg te stel; om gelykheid en demokrasie in sport en ontspanning te bevorder; en om mekanismes vir geskilbeslegting in sport en ontspanning te voorsien.
Wet op die	Wet 4 van 2013	Die Wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggeme verwerk word en het ten doel om sekere voorwaardes daar te stel ten einde minimum vereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te bewerkstellig.

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013		<p>Daarbenewens maak die Wet voorsiening vir die instelling van 'n Inligtingsreguleerde om sekere bevoegdhede uit te oefen en om sekere pligte en funksies, ingevolge hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, te verrig.</p> <p>Die Wet maak verder voorsiening vir die uitreiking van gedragskodes; vir mense se regte ten opsigte van ongevraagde elektroniese kommunikasie en geautomatiseerde besluitneming; om die vloei van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek te reguleer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.</p>
Die Wet op Gebruiklike Inisiasie	Wet 2 van 2021	<p>Die Wet maak voorsiening vir die doeltreffende regulering van gebruiklike inisiasiepraktyke; vir die instelling van 'n Nasionale Inisiasie-oorsigkomitee en Proviniale Inisiasiekoördineringskomitees en hulle funksies; vir die verantwoordelikhede, rolle en funksies van die verskillende rolspelers wat as sodanig by inisiasiepraktyke of die beheeraspekte daarvan betrokke is; vir die doeltreffende regulering van inisiasiesskole; vir regulatoriese bevoegdhede van die Minister en Premiers; vir die monitering van die implementering van hierdie Wet; vir provinsiale eienhede; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.</p>
Wet op Tradisionele en Khoi-San-leierskap, 2019	Wet 3 van 2019	<p>Die hoofdoelwitte van hierdie Wet is:</p> <p>Om voorsiening te maak vir die erkenning van Khoi-San-leierskap; om die Wet op die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers, 2009, en die Wet op die Raamwerk vir Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, te konsolideer; om sekere beperkings in die bestaande wetgewing uit die weg te ruim; en om daaropvolgende wysigings van ander wette tot uitvoer te bring.</p>

Proviniale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wes-Kaapse Proviniale Taalwet, 1998	Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap)	<p>Die Wes-Kaapse Taalkomitee wat deur hierdie Wet ingestel is, moet onder meer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor;</li> <li>• aanbevelings by die LUR en die Proviniale Parlement doen oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyke en beleid wat direk of indirek met taal in die Wes-Kaap te make het;</li> <li>• die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder;</li> <li>• die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder;</li> <li>• die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalaangeleenthede in die provinsie adviseer; en</li> <li>• PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer.</li> </ul> <p>Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die komitee verleen.</p>
Wes-Kaapse Kultuurkommissie- en Kultuurradewet, 1998	Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap)	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie om onder meer oorweging te skenk aan die registrasie en deregistrasie van kultuурrade wat gemeenskappe verteenwoordig wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Die WKKK kan ook aanbevelings oor die volgende doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die beeldende, uitvoerende en literêre kunste.</li> </ul>
Wes-Kaapse Erfenisbron-	PK 336 van 25 Oktober 2002	Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale erfenisbronpowerheid wat ingevolge die WNEH aangestel is – staan onder toesig van die DKES

<b>Provinsiale wetgewing</b>	<b>Verwysing</b>	<b>Beskrywing</b>
bestuursregulasies, 2002		wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK verleen. Die LUR is verantwoordelik vir die instelling van die owerheid en die aanstelling van 'n raad vir elke opeenvolgende ampstermy. (Engelse weergawe)
Wes-Kaapse Erfenishulpbron-bestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	Die DKES hou toesig oor Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale owerheid vir erfenishulpbronne wat ingevolge die WNEH aangestel is – en verleen administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK. Die LUR is verantwoordelik vir die instelling van die owerheid en die aanstelling van 'n raad vir elke opeenvolgende ampstermy. (Afrikaanse en isiXhosa-weergawe)
Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005 (Wes-Kaap)	Hierdie Wet maak voorsiening vir die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap om openbare en nieopenbare rekords van blywende waarde vir gebruik deur die publiek en die staat te bewaar; om sodanige rekords toeganklik te maak; om die gebruik daarvan deur die publiek te bevorder; en om voorsiening te maak vir die behoorlike bestuur en versorging van openbare rekords.
Museumordonnansie, 1975	Ordonnansie 8 van 1975 (Kaapprovincie)	Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie in soverre dit geaffilieerde museums in die Wes-Kaap betref. Nuwe provinsiale wetgewing in verband met museums word tans in oorleg met die betrokke belanghebbendes geformuleer.
Ordonnansie op Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh), 1979	Ordonnansie 11 van 1979 (Kaapprovincie)	Die DKES is verantwoordelik vir die toepassing en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie om die sake van die Oude Kerk Volksmuseum op Tulbagh te bestuur.
Wes-Kaapse Wysigingswet op die Museumordonnansie	Ordonnansie 2 van 2021	Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie in soverre dit geaffilieerde provinsiale, provinsiaalgesteunde en plaaslike museums in die Wes-Kaap betref.
Ordonnansie op Provinciale Biblioteekdiens, 1981	Ordonnansie 16 van 1981 (Kaapprovincie)	Die DKES is verantwoordelik vir die toepassing en nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie ten opsigte van provinsiale biblioteke in die Wes-Kaap.

### 1.3 Beleidsmandate

#### NASIONALE BELEIDSKONTEKS

Die belangrikste transversale nasionale planne waarop die Departement se planne reageer, is die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR) 2019-2024. In ooreenstemming met die Nasionale Ontwikkelingsplan het die regering 'n Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR) ontwikkel as riglyn vir beleid en programme gedurende die vyfjaartydperk van 2019-2024.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan het ten doel om armoede uit te wis en ongelykheid teen 2030 te verminder en verskaf 'n breë strategiese raamwerk as riglyn vir belangrike keuses en aksies. Dit sit 'n samehangende en holistiese benadering uiteen vir die bekamping van armoede en ongelykheid op grond van ses gefokusde, onderling verwante prioriteite wat as volg opgesom kan word:

- Verenig alle Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program om welvaart en gelykheid te bewerkstellig.
- Bevorder aktiewe burgerskap om ontwikkeling, demokrasie en verantwoordbaarheid te versterk.
- Bewerkstellig vinniger ekonomiese groei, groter investering en meer opname in die arbeidsmark.
- Fokus op sleutelvermoëns van mense en die staat.
- Bou 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat.
- Moedig sterk leierskap in gemeenskappe aan om saam te werk om probleme op te los.

Ten opsigte van die vereniging van alle Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program, verklaar die NOP dat "die kunste en kultuur kragtige ruimtes ontsluit vir debat oor waar die samelewing hom bevind en waarheen dit op pad is. Indien dit doeltreffend bevorder word, kan die skeppende en kultuurbedrywe 'n aansienlike bydrae lewer tot die ontwikkeling van klein ondernemings, werkskepping, en stedelike ontwikkeling en hernuwing".

Ten opsigte van die fokus op die sleutelvermoëns van mense en die staat, verklaar die NOP dat "sport 'n belangrike rol speel in die bevordering van welstand en maatskaplike samehorigheid". Sport word in die NOP beskou as 'n aangeleentheid wat bydra tot opvoeding, gesondheid en nasiebou. Die Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie 2030 verklaar voorts dat kuns, kultuur en erven ook geleenthede bied om aandag te gee aan uitkomste wat betrekking het op maatskaplike samehorigheid, en insluiting en nasiebou.

Die MTSR bevat sewe prioriteitsuitkomste:

<b>Prioriteit 1</b>	Bou van 'n bekwame, etiese en ontwikkelingstaat
<b>Prioriteit 2</b>	Ekonomiese transformasie en werkskepping
<b>Prioriteit 3</b>	Onderwys, vaardighede en gesondheid
<b>Prioriteit 4</b>	Konsolidering van maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte
<b>Prioriteit 5</b>	Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering
<b>Prioriteit 6</b>	Maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe
<b>Prioriteit 7</b>	'n Beter Afrika en wêreld

Die Departement se bydrae tot die bereiking van die sewe nasionale prioriteite is as volg:

MTSR-prioriteit	Departementele bydrae
<b>Prioriteit 1:</b> Bou van 'n bekwame, etiese en ontwikkelingstaat	<p>Die Departement is besig met die oorgang na 'n bestuurde netwerkmodel wat sal sorg dat sy strategiese doelwitte en dienste steeds deur verskillende belanghebbendes bereik en gelewer word (d.w.s. museums, biblioteke, sportfederasies, kultuurorganisasies, ens.) Die model is meer kostedoeltreffend en bied terselfdertyd aan gemeenskapsorganisasies die geleentheid om tot die opheffing van hul eie gemeenskappe by te dra.</p> <p>Sport en ontspanning in die provinsie word aangedryf deur die Nasionale Sport- en Rekreasieplan en dienste word in vennootskap met die burgerlike samelewing, sportfederasies, sportrade en munisipaliteite gelewer.</p> <p>Die ontwikkeling van 'n Dienstleweringverbeteringsplan (DLVP) verseker dat die departement fokus op 'n program om geïdentifiseerde dienste te versterk en verbeter.</p> <p>Wetgewing word, waar moontlik, hersien en bygewerk. 'n Onlangse voorbeeld is die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op die Museumordonnansie (Wet 2 van 2021 wat hierdie wetgewing belyn met die waardes van die Grondwet en goeie praktyk in die museumsektor.</p>
<b>Prioriteit 2:</b> Ekonomiese transformasie en werkskepping	<p>Die voorsiening van groot geleenthede bevorder sporttoerisme. Die Departement werk saam met sportfederasies in die provinsie wat toegang kry tot die befondsing van groot geleenthede.</p> <p>Die Departement is verantwoordelik vir die provinsiale jeugdiensprogram. Dit is geskoei op die YearBeyond-program. Die YearBeyond-program bied elke jaar een duisend geleenthede aan ons jeug, asook uitgebreide leierskapsopleiding en kanale vir werkgeleenthede. Tot op hede, voor die aanvang van Covid-19, het 82 persent van die groep vrywilligers oorgeskakel na werk of studies, en na die aanvang van Covid-19 het dit na 76 persent gedaal. Byna die helfte gaan voort om weekliks in hul gemeenskappe vrywillige werk te doen.</p> <p>Die Ontspanningsprogram, MGO-program, Skoolsportprogram en komplekse vir Kultuur, Kuns, Ontspanning, Onderwys en Sport (CARES-komplekse) bied werkgeleenthede vir baie mense uit ontvangergemeenskappe.</p> <p>UOWP-werkgeleenthede word in die kultuur- en maatskaplike sektore verskaf. Die Departement faciliteer werkgeleenthede en verskillende kapasiteitsbougeleenthede deur middel van programme wat daarop gerig is om jeugdiges te help om vaardighede te verwerf om hulle toetredre tot die arbeidsmark te vergemaklik. Voorts brei die Departement sy UOWP uit soos geleenthede opduik om tot verdere werkskepping in die provinsie by te dra. Die aanstelling van UOWP-werkers het deur die bestuurde netwerkmodel ook na nie-geaffilieerde museums uitgebrei. Dit bly 'n groot potensiële groei-area, gegewe die 120 tot 140 museums wat in die Wes-Kaap geleë is.</p> <p>Die ondersteuning en finansiering van kultuurtoerisme deur middel van feeste regoor die provinsie dra by tot werkskepping. Werkgeleenthede word geskep deur platforms vir die ontwikkeling en tentoonstelling van kuns en kultuur.</p> <p>Die Departement bied befondsing vir openbarebiblioteekpersoneel. Werkgeleenthede word geskep deur die bou en opgradering van openbare biblioteke.</p> <p>Die Departement dra daartoe by om geleenthede vir groei en werk te skep deur die uitrol van breëband en die uitbreiding van gratis internetkonnektiwiteit en tegnologie-hulpbronne in openbare biblioteke vir landelike gemeenskappe te faciliteer. Biblioteke voorsien aan werksoekers die geleentheid om hul CV op 'n rekenaar op te stel, om in koerante en aanlyn vir werk te soek en om hul aansoek aanlyn in te dien.</p>

MTSR-prioriteit	Departementele bydrae
	<p>Openbare biblioteke verskaf ook toegangspunte na rekenaars en die internet vir kleinsake-entrepreneurs om sakeplanne op te stel, om toegang tot tenders te verkry en om ander administratiewe aktiwiteite uit te voer.</p>
<b>Prioriteit 3:</b> Onderwys, vaardighede en gesondheid	<p>'n Groot deel van die begroting van die Departement word bestee aan die verskaffing van biblioteekdienste en die aankoop van biblioteekmateriaal ter ondersteuning van beter geletterdheidsresultate. Openbare biblioteke bied verskillende geletterdheids- en leesprogramme aan. Die Departement voorsien deur middel van YearBeyond ook boeke aan hierdie skole.</p> <p>Die opvoedkundige leemte tussen leerders met genoeg hulpbronne en diegene met te min hulpbronne kan toegeskryf word aan hul gedifferensieerde toegang tot boeke by die huis, gesinsvakansies, die internet, buitemuurse aktiwiteite, blootstelling en ondersteuning. Die Departement help om hierdie leemte te vul deur naskoolse programme te bied aan skoolgaande leerders by die MGO-sentrums in 181 skole, die 134 Buurtskoolterreine, en die 204 YearBeyond-terreine.</p> <p>Leerderdeelname aan hierdie programme help met positiewe leerderbywoning by skole, leerderdissipline en spanwerk, en dit behou leerders se belangstelling in skoolbywoning.</p> <p>Die MGO-sentrums bied aan leerders blootstelling aan sport wat onderrig word volgens 'n gestrukeerde kurrikulum en lesplanne wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus. Die Buurtskoolprogram (BSP) help om talent in geteikende kodes te identifiseer en te ontwikkel. Die Skolesportprogram fokus op naskoolse aktiwiteite vir skoolgaande kinders. Die Ontspanningsprogram fokus op sentrums om ontspannings- en sportaktiwiteite te bevorder. Year Beyond fokus daarop om die opvoedkundige leemtes in geletterdheid en gesyferdheid te behandel, en in die YearBeyond Scouting in Schools word 'n liefde vir die buitelewe gekweek. Komplekse vir Kultuur, Kuns, Ontspanning, Onderwys en Sport (CARES-komplekse) help met die holistiese opvoeding, ontwikkeling en groei van kinders, die jeug, volwassenes en betrokke deelnemers deur middel van die aktiwiteite in kultuur, kuns, ontspanning, onderwys en sport, buiten hulle verwante akademiese onderwys. Die Departement hou by skole werkswinkels oor argiefbewusmaking om leerders aan te moedig om argiefmateriaal te gebruik om geskiedkundige en genealogiese opvoedkundige hulpbronne aan te vul.</p> <p>Die kuns- en kultuurdienste implementeer programme vir vaardigheidsontwikkeling op die gebied van drama, dans, musiek en literêre kunste regoor die provinsie.</p> <p>Die Departement bevorder aktiewe ontspannings- en sportaktiwiteite vir die provinsie, provinsie, wat tot 'n etos van levenslange aktiwiteit bydra. Die Departement se kultuurfasiliteite word deur NRO's, gemeenskapsorganisasies en regeringsdepartemente vir kuns- en kultuuraktiwiteite gebruik om maatskaplike insluiting en welstand te bevorder, en stel die jeug bloot aan 'n omgewing wat 'n gesonde alternatief bied vir die maatskaplike euwels wat ons samelewing teister.</p> <p>Openbare biblioteke het in baie gemeenskappe by versteek die skoolbiblioteek geword, aangesien baie min regeringskole nog oor funksionele biblioteke beskik. Openbare biblioteke verskaf in 'n groot mate biblioteekmateriaal, ruimte en personeel om leerders en studente van gedrukte en aanlyn inligting, hulpbronne, leiding en studieruimte te voorsien ten einde 'n verbetering in geletterdheid, gesyferdheid, wetenskap en algemene opvoedkundige uitkomste te bewerkstellig.</p> <p>Die meeste van die bestaande landelike, openbare biblioteke, asook alle nuwe biblioteke wat beplan en gebou word, is naby aan een of meer skole geleë, wat hulle veeldoelige rol as skool-/gemeenskapsbiblioteke versterk.</p>

MTSR-prioriteit	Departementele bydrae
	<p>Geaffilieerde museums bied regoor die provinsie uitstallings, opvoedkundige programme en openbare gebeure wat tot ons gemeenskappe se opvoeding oor die ryk, natuurlike, kultuur- en maatskaplike erfenis van die provinsie bydra.</p>
<b>Prioriteit 4:</b> Konsolidering van maatskaplike loon deur middel van betroubare en basiese dienste van gehalte	<p>Deur sy maatskaplik inklusiewe programme brei die Departement beleide oor maatskaplike beskerming deur kuns-, kultuur- en sportprogramme uit om die maatskaplike kwesbaarheid van vroue, kinders, meisies, persone met gestremdhede, die jeug en bejaardes te versag.</p> <p>Ten einde die impak van programme te maksimeer, het die Departement programme ontwikkel wat die lewens van NEET-jeugdiges en kinders kruis om 'n program met tweeledige begunstigdes te skep, NEET-jeugdiges wat toegang tot sinnvolle werk ontvang, en kinders wat nie met begrip kan lees nie, te ondersteun om hierdie bevoegdheid aan te leer.</p>
<b>Prioriteit 5:</b> Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering	<p>Die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke word by plattelandse openbare biblioteke geïmplementeer en in stand gehou. Hierdie projek word versterk deur die ontplooiing van breëband- en Wi-Fi-toegang.</p> <p>Kleiner biblioteke word in landelike gebiede met 'n klein bevolking gevestig om toegang tot bibliotekfasiliteite te bied.</p> <p>Klubs in landelike gebiede word deur middel van die Klubontwikkelingsprogram ondersteun. MGO-sentrus, Buurtskoolsentrus en ontspanningsentrus lever sport- en ontspanningsdienste aan landelike gemeenskappe. Landelike MGO-sentrus word ook by 'n voedingsprogram ingesluit, tesame met MGO-sentrus in die metro.</p> <p>Deur middel van sy programme en befondsing vir kuns en kultuur, verseker die Departement die beskerming van kultuur en die bevordering van die kunste in die landelike distrikte.</p> <p>Erfenishulpbronbestuur vorm 'n integrale deel van die beplanning en goedkeuring van aansoeke om infrastruktuurontwikkeling waar erfenishulpbronne geraak word. Derhalwe poog die Departement, in vennootskap met munisipaliteite, betrokke regeringsdepartemente en belanghebbendes, om te sorg dat erfenis op die vroeeste stadium van beplanning by stads- en streekbeplanning en ontwikkelings geïntegreer word. Dit word grootliks vermag deur die ondersteuning van die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat vir die bestuur van erfenishulpbronne verantwoordelik is.</p> <p>Die voorsiening van sportfasiliteite word met behulp van alle munisipaliteite en sportfederasies gefasiliteer om sport in alle gemeenskappe in die provinsie te ontwikkel en te stroomlyn.</p> <p>Kultuurfasiliteite bied aan gemeenskappe en organisasies fisiese ruimtes wat gebruik kan word vir aktiwiteite wat met die Departement se mandaat ooreenstem. Die Departement se geaffilieerde museums bied opvoedkundige programme aan wat die volhoubare gebruik van omgewingshulpbronne bevorder.</p> <p>Kultuur is 'n meganisme vir die oordrag van kennis en van morele en maatskaplike waardes. Die bevordering en behoud van kuns en kultuur rig die kulturele volhoubaarheid van gemeenskappe se maatskaplike weefsel wat tot volhoubare menslike nedersettings bydra.</p> <p>Die ondersteuning van kuns- en kultuurinisiatiewe wat met munisipale GOP'e belyn is, rig plaaslike toerisme- en ekonomiese en strategieë wat as riglyn dien vir die ruimtelike beplanning van dorpe en stede.</p>

MTSR-prioriteit	Departementele bydrae
	<p>Die Rekordbestuurprogram help regeringsliggame, munisipaliteite ingesluit, om rekords te bestuur om verantwoordbaarheid en goeie oorsigbestuur te verbeter.</p> <p>Die Departement demonstreer ook sy verbintenis tot GOP-belyning deur GOP-samesprekings met plaaslike regering.</p>
<b>Prioriteit 6:</b> Maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe	<p>Die Departement bevorder die grondwetlike waardes en nasionale simbole deur uitstallings, openbare programme, gemeenskapsgesprekke, opvoedkundige programme, die bestuur van erfenishulpbronne, jeugontwikkeling, sport en ontspanning, en naskoolse programme.</p> <p>Erfenis Wes-Kaap (EWK), 'n provinsiale openbare entiteit wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne ingestel is, is verantwoordelik vir die identifisering, beskerming, bewaring, bestuur en bevordering van erfenishulpbronne van belang wat ons gedeelde waardes en identiteit weerspieël. Die werk van EWK dra by tot die transformasie van die erfenislandskap wat maatskaplike insluiting in die provinsie bevorder.</p> <p>Desgelyks bevorder die Wes-Kaapse terreine in die Weerstand en Bevryding Erfenisroete maatskaplike samehorigheid deur by te dra tot die viering en bewaring van en opvoeding oor Suid-Afrika se pad na onafhanklikheid.</p> <p>Die Wes-Kaapse Provinciale Geografiese Namekomitee moedig maatskaplike insluiting aan deur bewusmaking van en ondersteuning vir die (her)benoemingsproses. Die proses word onderstut deur aktiewe openbaredeelnameprosesse.</p> <p>Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie se oogmerk is om kultuur te bevorder, te bewaar en te ontwikkel. Die programme wat deur die WKKK ondersteun word, het ten doel om kulturele praktyke te bevorder en te bewaar, en streef daarna om waardering en respek vir die diverse kulture in die Wes-Kaap te bewerkstellig.</p> <p>Deur die verskaffing van redigering-, vertaal- en tolkdienste dra die Departement by tot maatskaplike insluiting en samehorigheid deur kommunikasie in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en in Suid-Afrikaanse Gebaretaal te verbeter. In oorel met die Wes-Kaapse Taalkomitee, bevorder die Departement deur sy programme veeltaligheid, gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal om bewustheid te skep en die gebruik van hierdie tale onder inwoners van die Wes-Kaap aan te moedig.</p> <p>Die Departement verskaf deur middel van ontwikkeling- en bevorderingsprogramme vir kuns en kultuur geleenthede aan die jeug, vroue, kinders en persone met gestremdhede uit diverse gemeenskappe om met mekaar te wisselwerk en kuns- en lewensvaardighede aan te leer. Hierdie geleenthede vir kwesbare en gemarginaliseerde persone bied platforms vir maatskaplike interaksie en dialoog, en versterk maatskaplike insluiting en samehorigheid onder gemeenskappe.</p> <p>Museums vier verskeie nasionale gedenkdae met uitreik- en openbare programme wat maatskaplike insluiting en samehorigheid bevorder. Uitstallings weerspieël toenemend die voorheen verwaarloosde aspekte van plaaslike geskiedenis en die kollektiewe Suid-Afrikaanse geskiedenis, en dra verder by tot maatskaplike insluiting en samehorigheid.</p> <p>Biblioteke dien as middelpunte vir gemeenskappe wat maatskaplike samehorigheid bevorder en ondersteun. Die rol van openbare biblioteke het lankal reeds verander van fasiliteite wat slegs daarop fokus om boeke aan die publiek te leen, om ook gemeenskap-sentrumms te wees wat kulturbewustheid en -begrip kweek en toegang tot plaaslike en gemeenskaplike inligting, e-regering, primêre en algemene gesondheidsinligting en opvoedkundige geleenthede aanbied. Biblioteke stel inwoners bloot aan geskiedenis, erfenis en kultuur wat belangrik is om gister te verstaan, vandag te ontleed en môre te beplan, en om maatskaplike begrip en samehorigheid te koester sodat maatskaplike en</p>

MTSR-prioriteit	Departementele bydrae
	<p>ekonomiese stabilitet en groei geskep kan word. Openbare biblioteke het die vermoë om maatskaplike samehorigheid en gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder, gegrond op die beginsel van gelykheid tot toegang. Biblioteke kan ook deur die bevordering van onderwys gesprekvoering oor gemeenskapsidentiteite faciliteer en help om die hindernisse te verwijder. Gemeenskappe word aangemoedig om ter bevordering van maatskaplike insluiting mondelinge geskiedenis by te dra, en om deur toegang tot argiefmateriaal meer oor hul erfenis te wete te kom en sodoeende identiteite en maatskaplike insluiting te versterk.</p> <p>Massadeelname aan sport en ontspanning, en aan kuns en kultuur, dra daar toe by om 'n gemeenskaplike nasionale identiteit in 'n diverse, maatskaplik samehorige samelewing te bou, en die Departement ondersteun dit deur sy inisiatiewe.</p> <p>Die Witskrif oor Sport en Ontspanning (2012) beklemtoon die belangrikheid van sport in 'n poging om misdaad te verminder.</p> <p>Die sportontwikkelingsprogramme, bv. die MGO- en Buurtskoolprogram, se naskoolse aktiwiteite sluit 'n gestruktureerde kurrikulum en lesplanne in wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus. Naskoolse programme, bv. Ontspanning, die MOD-program en Skoolsportaktiwiteite wat in verskillende munisipaliteite plaasvind, ondersteun positiewe maatskaplike, ontspanning- en sport-interaksie binne gemeenskappe. Verder skep Sportontwikkeling se CARES-kompleks 'n veilige ruimte en omgewing vir deelname aan prettige aktiwiteite, spel, ontspanning, sport, kuns, kultuur en akademiese aktiwiteite.</p> <p>Die Departement fokus op sy jeugontwikkelingswerk deur sinvolle werkgeleenthede vir NEET's te skep as 'n teenvoeter vir vervreemding, frustrasie en antisosiale gedrag.</p>
<b>Prioriteit 7:</b> 'n Beter Afrika en wêreld	<p>Ter ondersteuning van streek- en kontinentale integrasie, bevorder die Departement se Afrika-maand-program Afrika-trots om maatskaplike insluiting te koester en xenofobie uit te wis. Ondersteuning aan nasionale federasies om die Afrika-vlak van deelname verder te bevorder.</p> <p>Die Departement en Erfenis Wes-Kaap (EWK) het 'n Nominasiedossier vir drie terreine saamgestel wat aan UNESCO voorgelê sal word. Die drie terreine wat by die nominasie ingesluit is, is die Diepkloof-rotsskuiling, die Pinnacle Point-terreinkompleks en die Sibhudugrot. In 2015 is ses argeologiese terreine by UNESCO se tentatiewe lys vir Wêrelderfenisterreine ingesluit as deel van 'n reeksnominasie genaamd "The Emergence of Modern Humans: The Pleistocene Occupation Sites of South Africa". Die Wes-Kaapse kabinet het in 2017 die ontwikkeling van 'n argeologiese en paleontologiese erfenistoerismeroete vir ontwikkeling in die provinsie goedgekeur wat vasgelê is in die drie voorgestelde Wêrelderfenisterreine in die Wes-Kaap. Die roete is in April 2018 bekendgestel onder die handelsmerk "Die Wieg van Mensekultuur" (COHC, Cradle of Human Culture). Die COHC is besig om drie interpretasiesentrums by Elandsbaai, Stilbaai en Mosselbaai op te rig. Die interpretasiesentrums is uiters belangrike komponente van die COHC wat daarop gerig is om tot sosio-ekonomiese bemagtiging en begunstiging in plaaslike gemeenskappe by te dra. Dit sal bereik word deur die bou van vennootskappe met belanghebbendes, die groei van toerisme-aanbiedinge en die facilitering van ekonomiese groei en werkskepping, veral in landelike gebiede.</p> <p>Die Weerstand en Bevryding Erfenisroete (WBE) is 'n nasionale projek onder leiding van die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur om 'n erfenisroete te vestig wat terreine wat met die weerstand- en bevrydingserfenis van Suid-Afrika verband hou, te herdenk en sodoende Suid-Afrikaners se pad na vryheid en demokrasie te dokumenteer. Dit is gekoppel aan die program 'Paaie na Onafhanklikheid: Afrika se Bevrydingserfenis', wat in 2005 by die 33ste algemene konferensie van UNESCO aanvaar is. Drie terreine in die Wes-Kaap maak deel uit van die WBE, naamlik: Die Madiba Huis by Drakenstein Korrekiewe Fasiliteit, Robbeneiland-gebied en Tussen Die Riviere. Die insluiting van hierdie</p>

MTSR-prioriteit	Departementele bydrae
	<p>terreine en die ontwikkeling van die WBE sal tot ekonomiese transformasie en werkskepping bydra.</p> <p>Tussen Die Riviere is die gebied wat tussen die Swart- en Liesbeekrivier in die omgewing van Observatory, Kaapstad geleë is. Die geskiedkundige belang van die terrein hou verband met 'n konfrontasie tussen inheemse mense en Europese seevaarders op 1 Maart 1510. Hierdie lewende erfenisterrein is van belang vir Suid-Afrikaners as 'n terrein waar die eerste weerstand teen kolonialisme plaasgevind het. Die gebied bevat ook baie natuurlike erfenis en natuurlike biodiversiteit, met sterk skakels na die San- en Khoegemeenskappe. Die biodiversiteit van hierdie gebied moet beskerm word teen die risiko van voortdurende aardverwarming om te verseker dat hierdie skakels nie verlore gaan nie.</p>

Die volgende nasionale beleide en strategieë het ook betrekking op die Departement se beleidsmandaat:

Beleid	Beskrywing
<b>Nasionale beleide</b>	
Hersiene Witskrif oor Kuns, Kultur en Erfenis (2018)	Hierdie beleid verskaf 'n raamwerk vir nasionale en provinsiale beleid oor kuns-, kultuur-, erfenis-, biblioteek- en argiefdienste.
Nasionale Rekordbestuursbeleid (Rekordbestuursbeleid-handleiding, 2007)	Hierdie dokument reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame moet funksioneer ten opsigte van die bestuur van hul rekords en die manier waarop die DKES toesig moet hou oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap.
Bestuur van Elektroniese Rekords deur Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006)	Hierdie beleid verskaf leiding aan regeringsliggame om hulle te help om aan die wetgewende vereistes rakende elektroniese rekords as 'n integrale deel van rekordbestuur te voldoen. Die DKES moet aan die voorgeskrewe toepaslike nasionale en internasionale standarde met betrekking tot hardware, sagteware en bergingsmedia vir argiefbewaring voldoen.
Verklaring: Nasionale Sport en Ontspanningsindaba (2011)	Hierdie verklaring vereis dat die DKES se hoofdoelstellings belyn moet word met die strategiese momentum van die verklaring wat die visie vir sport en ontspanning tot en met 2020 uiteensit.
Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (2012)	Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP) omskryf die visie vir sport en ontspanning in Suid-Afrika tot en met 2020, met die klem op 'n aktiewe wensnasie. Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan sal in die boekjare 2021/22 en 2022/23 hersien word.
Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie beleid beklemtoon die volgende prioriteite: <ul style="list-style-type: none"> <li>• verhoog die vlakke van deelname aan sport en ontspanning;</li> <li>• versterk sport se profiel ten spyte van botsende prioriteite;</li> <li>• maksimaliseer die waarskynlikheid van sukses by groot byeenkomste; en</li> <li>• sport moet voorrang geniet in pogings om misdaad te verminder.</li> </ul>
Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel (2007)	Die oogmerk van die Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel (RWM&E-stelsel) is om by te dra tot beter oorsigbestuur en om die doeltreffendheid van organisasies en instansies in die openbare sektor te versterk. Hierdie dokument bevat die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitoring en evaluering (M&E) in Suid-Afrika. Dit bevorder uitkomsgebaseerde bestuur.
Groenskrif oor Prestasie-bestuursmonitering en -evaluering (2009)	Hierdie dokument is daarop gemik om staatsamptenare en die uitvoerende gesag in staat te stel om op die bereiking van die uitkoms- en uitsetmaatstawwe vervat in die Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR) te fokus. Dit het ten doel om goeie departementele en individuele prestasie op alle vlakke te bevorder.
Riglyne vir Nasionale en Proviniale Departemente	Hierdie riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n raamwerk vir monitering en evaluering in alle staatsinstellings sodat hulle hul vordering ten

<b>Beleid</b>	<b>Beskrywing</b>
vir die opstel van 'n M&E-raamwerk	opsigte van gestelde doelwitte kan evalueer en, waar nodig, remediërende stappe kan instel. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip moet hê van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanwysers. Die aanwysers moet aan spesifieke beleidsprioriteite gekoppel wees en die stelle aanwysers moet ontleed word om vas te stel of daar enige verband tussen oorsake en gevolge is.
Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP)	Die UOWP se sakeplanne vir die maatskaplike sektor (sport) en die omgewings- en kultuursektor (kultursake) bied 'n raamwerk aan die DKES waarvolgens openbare befondsing vir die vermindering en verligting van werkloosheid gebruik kan word.
Nasionale Jeugbeleid 2020 – 2030	Die beleid het ten doel om jeugontwikkeling te versterk en om kreatiewe en innoverende maniere te vind om werkloosheid aan te pak. Die beleid identifiseer vyf pilare – gehalte-onderwys en tweede-kans-skoolopleiding, ekonomiese transformasie en werkskepping, geestesgesondheid en die bevordering van liggaaamlike gesondheid, maatskaplike samehorigheid en nasiebou, en die daarstelling van 'n doeltreffende en responsiewe instrument vir jeugontwikkeling. As die transversale jeugkoördineerde in die provinsie, bied die DKES die WK-jeugforum en leerlaboratorium aan, doen voorspraak vir 'n program oor die geesteswelstand van jeugdiges, en werk saam met alle belanghebbendes om die doeltreffendheid van die mekanisme vir jeugontwikkeling te verbeter.

<b>Strategieë</b>	<b>Beskrywing</b>
<b>Nasionale strategieë</b>	
Biblioteekherkapitalisasie-program vir die uitbreiding van gemeenskapsbibliotekerdienste	Die doel van die program is om die infrastruktuur, faciliteite en dienste van stedelike en landelike gemeenskapsbiblioteke (wat hoofsaaklik voorheen benadeelde gemeenskappe teiken), te transformeer deur middel van 'n herkapitalisasie-program op provinsialevlak ter ondersteuning van plaaslikeregering- en nasionale inisiatiewe. Die DKES is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van hierdie voorwaardeliketelaaprojek in die Wes-Kaap.
Mzansi se Goue Ekonomie-strategie	Die DKES is in oorleg met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en ander vennote en sleutelbelanghebbendes verantwoordelik vir die implementering van die sleutelintervensies, soos uiteengesit in die strategie vir die Wes-Kaap. Die strategie, wat op die skeppende en kulturele bedrywe fokus, poog om erkenning te gee aan die kuns-, kultuur- en erfenis sektor as innoverend en skeppend en dat dit die rol van die regering is om die bemagtigende omgewing te skep en die sektor te ondersteun om optimaal te presteer.
Memorandum van verstandhouding tussen die Departement van Basiese Onderwys en Sport en Rekreasie Suid-Afrika (2018)	Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA) (nou die Departement van Sport, Kuns en Kultuur) het 'n "Geïntegreerde Skoolsportraamwerk" onderteken waarvolgens die partye hulle daartoe verbind om samewerkende programme op die terrein van skoolsport te implementeer op grond van wederkerigheid en wedersydse voordeel. Die partye het hulle ook daartoe verbind dat hulle die bevordering van kontak en samewerking tussen die erkende sportinstansies van die onderskeie departemente sal aanmoedig en faciliteer.

Daarbenewens bestaan die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte uit 17 niebindende globale doelwitte wat soos volg met die Nasionale Ontwikkelingsplan en Provinciale Strategiese Plan ooreenstem:

SDGs	1 NO POVERTY	2 ZERO HUNGER	3 GOOD HEALTH AND WELL-BEING	4 QUALITY EDUCATION	11 SUSTAINABLE CITIES AND COMMUNITIES	16 PEACE, JUSTICE AND STRONG INSTITUTIONS
NDP	<b>8. Transforming human settlements</b>	<b>9. Improving education, training and innovation</b>	<b>10. Health care for all</b>	<b>12. Building safer communities</b>	<b>15. Nation building and social cohesion</b>	
	49. Provide incentives for citizen activity for local planning and development of spatial compacts.	53. Strengthen coordination between departments, as well as the private and non-profit sectors.	By 2030 the primary and district health system should provide universal access, with a focus on prevention, education, disease management and treatment	85. Increase community participation in crime prevention and safety initiatives	115. Improving public services and spaces as well as building integrated housing and sport facilities... to ensure sharing of common spaces across race and class. 118. Promote citizen participation in forums	

## PROVINSIALE BELEIDSKONTEKS

### Provinsiale Strategiese Plan:

Provinsiale beleid is geformuleer rondom die volgende visie-geïnspireerde prioriteite (VIP'e) en strategiese temas. Alhoewel die DKES via sy mandaat tot alle provinsiale VIP'e bydra, is die Departement regstreeks gekoppel aan die fokusareas van die prioriteitsarea, die "Bemagtiging van mense", veral Fokusarea 3: Jeug en vaardighede, en prioriteitsarea "Veilige en samehorige gemeenskappe".



Die departementele bydrae tot die PSP is soos volg:

VIP- strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2020-2025
Veilige en samehorige gemeenskappe (Ons Veiligheid)	<p>Openbare ruimtes en 'n gemeenskaplike gevoel is belangrike komponente vir die bou van veilige gemeenskappe. Die DKES voorsien biblioteke, sportfasilitete, en kuns- en kultuurfasilitete in gemeenskappe. Die bou ook die maatskaplike inrigting van gemeenskappe deur betrokkenheid by kultuur, kuns, sport en ontspanning.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Openbare biblioteke bied vir kinders ná skool en vir gemeenskapslede 'n veilige ruimte.</li> <li>• Die verbetering van welstand en maatskaplike insluiting deur meer aan die sosiale en gemeenskapslewe deel te neem deur die gebruik van biblioteke as inligting- en konneksiesentrums.</li> <li>• Bibliotekdienste wat in korrektiewedienstesentrums voorsien word, kan rehabilitasie bevorder en herhaalde oortredings verminder, en sodoende bydra tot veiligheid en die vermindering van maatskaplike euwels.</li> <li>• Die voorsiening van ontspannings-, sport-, kuns- en kultuurgeleenthede vir gemeenskappe as deel van alternatiewe platforms om sanehang te skep.</li> <li>• Verseker 'n inklusiewe argiefdiens met inligting wat vir alle kliënte oop en toeganklik is.</li> <li>• Mense kan meer te wete kom oor wie hulle is en oor hulle genealogiese inligting, historiese gebeure, boedeldokumente soos testamente, doodsberegte, huwelik-, geboorte- en sterfregisters, en dus 'n sterker gevoel van behorendheid ervaar.</li> <li>• 'n Veilige ruimte, gratis diens en uitgebreide dienste word voorsien.</li> <li>• Gemeenskapskunsontwikkelingsprogram versaf veiliger afbrekende gedrag, en platforms skep veilige ruimtes waar gemeenskappe kan deelneem.</li> <li>• Die verskaffing van toegang tot rekords wat handel oor die ongeregtigheid van die verlede en die skending van menseregte, ten einde helsing, geregtigheid en rekonsiliasie te bevorder.</li> <li>• Skakeling met gemeenskappe om maatskaplike samehang en nasiebou aan te moedig.</li> <li>• Die bou van maatskaplike samehang deur middel van sport en ontspanning.</li> <li>• Teiken jeugdiges wat in gevaar verkeer ten einde riskante gedrag te verminder.</li> <li>• Die benutting van skole as veilige ruimtes vir skoolgebaseerde gemeenskappe ná skoolure (bv. Ontspanning-, MGO- en Buurtskoolsentrums en gedeelde fasilitete).</li> <li>• Die Buurtontwikkelingsprogram.</li> <li>• Komplekse vir Kultuur, Kuns, Ontspanning, Onderwys en Sport (CARES-komplekse)</li> <li>• Museums bied veilige ruimtes waar inwoners uitstallings kan besigtig en aan opvoedkundige programme kan deelneem. Hierdie aktiwiteite voorsien nie net 'n veilige ruimte nie, maar dien ook as plekke van leer en besinning, wat tot die groei, ontwikkeling, volwassenheid en selfverwesenliking van inwoners lei. Inwoners kan deur hierdie proses met ons kollektiewe erfenis verbind, en daaruit leer, genees en groei. Hierdie proses is uiterst belangrik vir die koesterung van veilige en samehorige gemeenskappe en om tot die voorkoming van maatskaplike euwels in die samelewing by te dra.</li> </ul>
Groei en werkgeleenthede (Ons Ekonomie)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die DKES is die kampioen vir drie belangrike ekonomiese sektore, naamlik ontspanning en sport en die sektore skeppende kuns- en kultuur wat tesame 'n beduidende aantal poste en werkgeleenthede skep. Die DKES is ook die kampioen vir jeugontwikkeling en het aandag aan die behoeftes van NEET's by verskeie van sy programme ingeskakel. Die DKES is ook die kampioen vir</li> </ul>

VIP- strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2020-2025
	<p>jeugontwikkeling en het aandag aan die behoeftes van NEET's by verskeie van sy programme ingesluit.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Befondsing van personeel vir openbare biblioteke en werkskepping deur die opgradering en bou van nuwe biblioteke.</li> <li>• Die Departement dra daar toe by om geleenthede vir groei en werk te skep deur die uitrol van breëband en die uitbreiding van gratis internetkonnektiwiteit en tegnologiehulpbronne in openbare biblioteke vir landelike gemeenskappe te faciliteer. Biblioteke voorsien aan werksoekers die geleenthed om hulle CV op 'n rekenaar op te stel, om in koerante en aanlyn vir werk te soek en om hulle aansoeke aanlyn in te dien.</li> <li>• Openbare biblioteke verskaf ook toegangspunte na rekenaars en die internet vir kleinsake-entrepreneurs om sakeplanne op te stel, om toegang tot tenders te verkry en om ander administratiewe aktiwiteite uit te voer.</li> <li>• Werkgeleenthede geskep deur die oprigting van nuwe interpretasiesentrum en -terreine wat gekoppel is aan die Wieg van Mensekultuur-toerismeroute.</li> <li>• Die Departement is verantwoordelik vir die provinsie se transversale jeugwerk en bestuur die YearBeyond-program wat jaarliks eerste werkgeleenthede vir 1 000+ werklose jeugdiges skep en dan hierdie jeugdiges bevorder na werk of studies, met 'n geteikende vorderingskoers van 75% van alle deelnemers.</li> <li>• Werkgeleenthede via die UOWP en die Jong Patriotte-program (befonds deur die DSKK).</li> <li>• Werkgeleenthede in die skeppende bedrywe: teaterproduksies, teaterfeeste, personeelvoorsiening vir geleenthedsbestuur, handwerkontwikkeling en kleinhandel.</li> <li>• Die befondingsprogram vir kuns en kultuur bied ondersteuning aan gevestigde en intermediêre kunsorganisasies, individue en maatskappye wat werk skep vir en opleiding aan praktisyne in die kuns bied. Sport-, erfenis-, argeologiese en kultuurtoerisme</li> <li>• Werkgeleenthed in ontspanning en sport.</li> <li>• Naskoolprogram – vernou die gaping vir geleenthede en verseker dat skoolverlaters toegerus is om die werkmark of studies te betree.</li> <li>• Die Departement bevorder deur sy programme die ontwikkeling en gebruik van Gebaretaal.</li> <li>• Die ekonomiese gronde vir kultuur</li> <li>• Die groei van die ontspannings- en sportbedryf, wat uiteraard arbeidsintensief is, deur middel van sportontwikkelingsprogramme (ontspanning, MGO-program, skoolsport) wat aanleiding gee tot indiensneming en sakegeleenthede binne gemeenskappe.</li> <li>• Buurtontwikkelingsprogram.</li> <li>• Komplekse vir Kultuur, Kuns, Ontspanning, Onderwys en Sport (CARES-komplekse)</li> <li>• Die gronde vir sport <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ Die navorsing het getoon dat sport en ontspanning in reële terme 'n wesenlike en beduidende bydrae tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die provinsie lewer. Trouens, daar is bevind dat die voordele wat sport vir sosio-ekonomiese ontwikkeling inhoud, grootliks onderskat word en dat sport en ontspanning as 'n belangrike ekonomiese bydraer en werkskepper beskou moet word. In maatskaplike terme is verskeie impakte duidelik.</li> <li>◦ Daar is ook bevind dat ten opsigte van ekonomiese bydrae, BBP en indiensneming, en met 2% as 'n konserwatiewe skattung (gegewe die aangetekende 2,1% nasionale gemiddelde van BBP-bydrae tot sport) en die geskikste ekonomiese vermenigvuldigers, dat sport sedert 2012 jaarliks meer as R8,8 miljard tot die Wes-Kaapse BBP bygedra het. Dit is waarskynlik</li> </ul> </li> </ul>

VIP- strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2020-2025
	<p>dat die impak van sport en verwante aktiwiteite op streke soos die Wes-Kaap, Gauteng en KwaZulu-Natal persentasiegewys aansienlik groter kan wees as die aanvaarde nasionale gemiddelde; en dat sport meer as 60 000 werkgeleenthede oor alle sektore in die Wes-Kaap ondersteun het.</p>
Bemagtiging van mense (Ons Mense)	<p>Die DKES verskaf platforms en opleiding om aan gemeenskappe 'n stem te gee. Met sy biblioteke, mondelinge geskiedenis, kuns- en jeugprogramme word mense se stories en opvoeding versterk. Vir diegene in sport of die kunste bied die DKES blootstelling aan en 'n pad na bemeesterung. Die DKES se fokus op die jeug deur middel van programme soos die MGO-sentrums en YearBeyond, voorsien aan hulle 'n gevoel van doelgerigtheid, drome en 'n toekoms.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Biblioteke – bevorder deurentyd 'n kultuur van lees en lewenslange leer</li> <li>• Die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke verskaf gratis internettoegang om die voltooiing van aanlyn werkansoeke, aanlyn leer, e-leerportale, ens. moontlik te maak.</li> <li>• Venootskappe met die Departement van Onderwys en Nal'ibali om geleterdheid en lees te bevorder.</li> <li>• YearBeyond se funksie is om 18-25-jarige NEET-jeug op die program te bemagtig, asook die begunstigdes – graad 3- en 4-leerders wat sukkel met geleterdheid en gesyferdheid, leerders met hoë afwesigheid, en leerders wat nie op skool is nie. YearBeyond bemagtig ook deur kapasiteitsbou die gemeenskappe en ouers wat leerders wil ondersteun.</li> <li>• Een van die veeleisendste tye vir die jeug is nadat skool klaar is en voor die res van die gesin tuis is. Deur veilige, bemagtigende en koesterende ruimtes na skool te bied, word daar verseker dat die risiko's vir leerders verminder word.</li> <li>• Opvoedkundige programme wat vir leerders deur die argiefdienste aangebied word.</li> <li>• Toegang tot argiefinligting vir navorsers en studente.</li> <li>• Leeskamer in die argief vir openbare toegang tot kennis en vaardighede.</li> <li>• Die verskaffing van opleiding aan UOWP-interns.</li> <li>• Die verskaffing van opleiding aan toergidse as deel van die Wieg van Mensenkultuur-projek.</li> <li>• Die verskaffing van ruimte aan vrywilligers.</li> <li>• Die verskaffing van ruimte aan PAY-interns.</li> <li>• Die voorsiening van geleenthede vir indiensopleiding en werkskadu.</li> <li>• Die aanbieding van kursusse in rekordbestuur en die bestuur van elektroniese rekords, asook vir registerklerke om mense te bemagtig.</li> <li>• Die aanbieding van gespesialiseerde aanlyn opleiding en werkswinkels tydens Argieweek</li> <li>• Die voorsiening van opleidingsgeleenthede aan ander belanghebbendes.</li> <li>• Inisiasieprogram</li> <li>• Die insluiting van tale en kulture, bv. die bevordering van die gebruik van inheemse tale waarvan die status histories ingekort is.</li> <li>• Die verskaffing van taalondersteuningsdienste en die bevordering van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, insluitende Suid-Afrikaanse Gebaretaal.</li> <li>• Museums bied uitstellings, opvoedkundige programme en geleenthede vir herdenking aan, wat inwoners voorsien van kennis oor hul erfenis en geleenthede vir besinning en persoonlike groei skep. Hierdie programme dra by tot 'n gevoel van behorendheid, kulturele warmte en maatskaplike insluiting.</li> <li>• Ontspanningsprogramme (VKO, sentrumaktiwiteite, inheemse speletjies, Silwer Spele).</li> <li>• MGO- en Buurtskoolprogram.</li> </ul>

VIP- strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2020-2025
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kunsontwikkelingsprogramme ondersteun die ontwikkeling van dans, musiek, drama en die literêre kunste deur aan gemeenskappe toegang te bied na kapasiteitsbou en platforms vir tentoonstelling.</li> <li>• Skoolsportprogramme (die ontwikkeling van sportkodes, atlete en afrigters).</li> <li>• Die Buurtontwikkelingsprogram.</li> <li>• Komplekse vir Kultuur, Kuns, Ontspanning, Onderwys en Sport (CARES-komplekse).</li> <li>• Die verskaffing van kuns- en kultuuraktiwiteite lê die grondslag vir kunstenaars en artistieke uitdrukking, en moedig empatie aan wat verdraagsaamheid, aanvaarding en maatskaplike samehang onderstu.</li> <li>• Die ondersteuning van kuns- en kultuuraktiwiteite maak voorsiening vir die ontwikkeling van kulturele identiteit op streeksvlak en dien as riglyn vir feeste en geleenthede, bewaar tradisionele kunsvorme en rig plaaslike toerisme en ekonomiese strategieë van munisipaliteite.</li> <li>• Blootstelling aan die ontwikkeling van kunsvaardighede bied die geleentheid om die jeug se lewensvaardighede te ontwikkel en tot geleenthede in die skeppende bedrywe by te dra.</li> <li>• Die verskaffing van opleidingsgeleenthede aan opkomende kunstenaars.</li> <li>• Die DKES is die transversale kampioen vir Naskoolprogramme en bied opleiding om die kapasiteit van die sektor te bou en gehalteprogrammering te verseker.</li> <li>• Die DKES voorsien aan 18-25-jarige NEET's 'n eerste-werk-ervaring en 'n pad na werk of studies aan die einde van die ervaring. 2 000 jeugdiges word tans jaarliks bedien. Terwyl hierdie jongmense werkervaring opdoen, word broodnodige dienste aan hulpbronbehoewende gemeenskappe voorsien. Die Kunstenaars op Skool-program bied werkgeleenthede aan kunstenaars, kunsopleiding aan onderwysers en toegang tot 'n gestruktureerde kunsprogram wat met 'n goedgekeurde kunskursuskatalogus belyf is.</li> <li>• Die Wes-Kaapse Strategie vir Gemeenskapskunssentrums ondersteun en versterk hierdie sentrums en geaffilieerde gemeenskapskunsorganisasies deur middel van kapasiteitsbou, die ondersteuning van gemeenskapskunsontwikkeling en die opknapping van kunsinfrastruktuur. Versterkte gemeenskapskunsontwikkeling sal tot gemeenskapswelstand, 'n veiliger omgewing en 'n sterker maatskaplike gevoel onder gemeenskappe bydra.</li> </ul>
Mobiliteit en ruimtelike transformasie (Ons Plekke)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Departement is in elke dorp in die provinsie teenwoordig, bv. in die vorm van biblioteke, museums of sportkantore.</li> <li>• Maatskaplike infrastruktuur, bv. biblioteke, sportfasiliteite, museums, argiewe, ens.</li> <li>• Die ruimtelike transformasie van die erfenislandskap deur die werk van EWK te ondersteun.</li> <li>• Kulturfasiliteite bied aan gemeenskappe en burgerlike organisasies 'n veilige ruimte vir aktiwiteite wat maatskaplike transformasie aanmoedig.</li> <li>• Sportontwikkelingsentrums (ontspanning-, MGO- en Buurtskoolsentrums) in elke distriksmunisipaliteit en in die meeste dorpe in die provinsie.</li> <li>• Gemeenskapskunssentrums en gemeenskapsteaters sal deur middel van die Wes-Kaapse Strategie vir Gemeenskapskunssentrums toegang tot befondsing vir infrastruktuur verkry om kunsinfrastruktuur op te knap of te ontwikkel.</li> <li>• Die Museumdiens produseer reisende uitstellings wat gebruik word as opstaan-tentoonstellings by verskillende ruimtes soos biblioteke, munisipaliteite, burgersentrums, ens. Hierdie uitstellings verander ruimtes in plekke van leer en besinning.</li> </ul>

VIP- strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2020-2025
Innovasie en kultuur (Ons Regering)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die regering verwag van staatsamptenare om innoverend te wees. Die DKES ondersteun die bou van 'n kultuur van innovasie en is aan die spits van talle innovasies – deur met die hele samelewing te werk en aan transversale projekte te werk. Die DKES het met MyContent ook intern 'n agenda vir digitalisering aangemoedig.</li> <li>• Die aanwending van vrywilligers in biblioteke om geletterdheid te verbeter.</li> <li>• Die beskikbaarstelling van meer elektroniese hulpbronne en eBoeke in biblioteke.</li> <li>• Publieke-private-vennootskapsmodelle oor dielewering van dienste in jeugdienste sowel as sportontwikkeling.</li> <li>• Die ontwikkeling van norme en standarde vir jeugdienste.</li> <li>• Die ontwikkeling van 'n kultuur van responsiewe regering in al ons dienste.</li> <li>• Die bou van 'n kultuur van lees deur middel van ons biblioteke, jeugdienste, argiewe en museums.</li> <li>• Digitalisering van argiefrekords.</li> <li>• Aanlyn uitstallings en openbare bewusmakingsprogramme.</li> <li>• Die versterking van die elektroniese rekordbestuursprogram wat verantwoordelik is vir die doeltreffende en stelselmatige beheer oor die skepping, ontvangs, instandhouding, gebruik en beskikking van elektroniese rekords, insluitend die prosesse vir die vaslegging en handhawing van bewyse van en inligting oor sake-aktiwiteite en -transaksies.</li> <li>• Aanlyn besprekingsstelsel vir kultuurfasiliteite.</li> <li>• Aanlyn opleiding vir rekordbestuurders en registerklerke.</li> <li>• Implementering en instandhouding van Access to Memory (AtoM).</li> <li>• Implementering van Archivematica.</li> <li>• Die implementering van 'n argiefwebportaal wat die publiek in staat sal stel om aanlyn navorsing te doen.</li> <li>• Die ontwikkeling van 'n provinsiale databasis vir mondelinge geskiedenis wat alle projekte oor mondelinge geskiedenis in die Wes-Kaap sal bevat.</li> <li>• Die implementering van aanlyn inspeksie-opnames vir kliëntekantore van die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens.</li> <li>• Uitrol van omvattende Ondernemingsinhoudbestuur.</li> <li>• Die verbetering van die funksionaliteit van die Ondernemingsinhoudsbestuur (OIB)-program om besighede te help om beter beheer oor dokument en rekordbestuur te verkry.</li> <li>• Model vir gedeelde infrastruktur in buurtskole.</li> <li>• Vennootskapsmodel in YearBeyond.</li> <li>• Finansieringsmodel in YearBeyond.</li> <li>• Opname oor kultuurreise en die Barrett-vraelys om die DKES se organisasiekultuur te versterk wat die organisasie se welstand rig.</li> <li>• Samewerkingsprojekte soos die Buurtontwikkelingsprogram, CARES-komplekse en die benadering van gedeelde fasilitete om skoolgaande leerders van gehaltefasilitete vir ontpanning, sport, kuns en kultuur te voorsien.</li> <li>• Verseker dienslewering met die doeltreffende implementering van hibriede komiteevergaderings.</li> <li>• Aanlyn proses om Erfenis-aansoeke te ontvang.</li> <li>• Regstreekse bywerkings via sosiale media/WhatsApp-groepe oor die vordering met agenda-items wat voorgelê word.</li> <li>• Bekendstelling van QR-kodes om seker te maak dat deelnemers gemaklike toegang tot hierdie boodskapgroepes het.</li> </ul>


#### Covid-19 Herstelplan:

Maatskaplike en ekonomiese uitdagings het as gevolg van Covid-19 vererger, terwyl fiskale hulpbronne dramaties gekrimp het. Die WK Herstelplan het dus ten doel om sekere PSP-intervensies en samewerking tussen belanghebbendes te versnel en prioritiseer, en om die lesse wat uit die implementering van die Covid-19-intervensies geleer is, te institusionaliseer. Die drie prioriteite van die Herstelplan is werkgeleenthede, veiligheid en welstand.

Die Departement sal op die volgende maniere tot die Covid-19-herstelplan bydra:


- Bevorder deur EWK die gemak van sake doen (herstel van werkgeleenthede)
- Verskaf werkgeleenthede deur YearBeyond en die UOWP (herstel van werkgeleenthede)
- Bou 'n kultuur van burgerskap, diens en gemeenskap – met 'n fokus op die jeug, vrywillige werk, veiligheid en werkgeleenthede (herstel van welstand)
- Ondersteun 1ste 1000 dae- en VKO-intervensies (herstel van welstand)
- Bevorder liggaamlike, emosionele en geestelike welstand deur gesonde voeding, oefening en psigososiale ondersteuning aan alle ouderdomme (herstel van welstand)
- Dra by tot intervensies vir geweldvoorkoming (herstel van veiligheid)

Die Herstelplan gebruik die lewensverloop om die fases in elke persoon se lewe en hulle basiese behoeftes te identifiseer. Wanneer dit met die PSP 2019 – 2024 vergelyk word, word die lewensverloop in die Herstelplan uitgebrei na ouer persone om seker te maak dat alle inwoners gedeck is. In ooreenstemming met die rationaal van die PSP, is dit baie belangrik om op die vroegste stadium van 'n persoon se lewe in te gryp, tot en met die ouderdom van 25 jaar. Die rede hiervoor is omdat intervensie op die kritiese vroeë stadiums, vanaf bevrugting tot 25 jaar, regdeur die persoon se lewe en oor generasies, 'n positiewe kumulatiewe effek sal hê, soos hieronder uitgebeeld word.



Die Departement het in 2020 'n aantal diensaanbiedings vir die aanlyn omgewing aangepas ter ondersteuning van hierdie doelstellings, en die DKES se bydraes tot die Herstelplan sal ondersteun word deur vennootskappe, waar dit moontlik is om koste te deel en reikwydte en prestasie te verbeter deur gebruik te maak van die voetspoor en die beste praktyke van vennote.

Die Departement verskaf dienste vir elke fase van 'n persoon se lewensiklus, soos hieronder uiteengesit:



Conception	0 – 2 yrs 0 – 5 yrs	6 – 10 yrs	11 – 15 yrs	16 – 18 yrs	19 – 24 yrs	25 yrs plus
Arts and culture	Arts and culture	Arts and culture	Arts and culture	Arts and culture	Arts and culture	Arts and culture
Museums	Museums	Museums	Museums	Museums	Museums	Museums
Recreation	Recreation	Recreation	Recreation	Recreation	Recreation	Recreation
Libraries - Reading for meaning	Libraries - Reading for meaning	Libraries	Libraries	Libraries	Libraries	Libraries
	artists in schools	artists in schools	Young patriots, artists in schools	Young patriots		
	Primary school sport	Primary and high school sport	High school sport			
	After School Programme	After School Programme	After School Programme			
		Club and Fed. Support – long term particip.	Club and Fed. Support – long term particip.	Club and Fed. Support – long term particip.		
		Archives	Archives	Archives		
			Initiation programme	Initiation programme		
			EPWP	EPWP		
			Youth in service			

Die Departement se hoofbydraes tot die Wes-Kaapse Herstelplan hou verband met die fokusareas van welstand en veiligheid, soos hieronder uiteengesit:

### VIP 1: Veilige en samehorige gemeenskappe

Die Departement se veiligheidsprioriteit is om "jeugdiges in gevaar by lees-, sport-, kuns- en kultuurprogramme te betrek". Veiligheid is geïdentifiseer as 'n beduidende beperking vir die groei en welstand van inwoners. As deel van die provinsie se pogings om veiligheid te verbeter, sal die Departement daarop fokus om te verhoed dat jeugdiges by misdaadaktiwiteite betrokke raak deur hulle by naskoolprogramme te betrek, met 'n spesifieke fokus op die verlaging van die volgende risiko's:

- Om nie akademies agter te raak nie – deur middel die YearBeyond-program om geletterdheid en wiskunde in te haal, met graad 3 en 4 as die teiken;
- Om afwesigheid en antisosiale gedrag te verminder – deur middel aktiewe sport- en kunsklubs en bande met positiewe portuurgroepe;
- Om marginalisering te verhoed – deur geleenthede vir gemarginaliseerde jeugdiges te skep om deel van programmering te wees;
- Om geweld te verhoed – deur geleenthede te bied om jongmense se vaardighede te ontwikkel by wyse van alternatiewe maniere om betrokke te raak en om konflik en woede te hanteer.
- Blootstelling aan geweld – skole sal ná skoolure as veilige ruimtes vir gemeenskappe gebruik word. (bv. Ontspanning-, MGO- en Buurtskoolsentrusms).

Die teiken is om teen 2023/24 ondersteuning te bied aan 8 000 leerders wat in gevaar verkeer, met 'n 2022/23-teiken van 6 000 leerders.

Die Departement bied ook programme vir vroue en meisies aan om ongelykhede van die verlede uit te wis, en as 'n bydrae tot gemeenskapsveiligheid deur die ondersteuning van vroue en meisies in die sportsektor.

### **VIP 2: Groei en werkgeleenthede**

Die Departement dra in sy sektor ook by tot VIP2 en hierdie bydraes tot groei en werkgeleenthede word in die afdelings oor programprestasie hieronder uiteengesit.

### **VIP 3: Die bemagtiging van mense**

Die Departement sal tot VIP 3 bydra deur middel van biblioteke se inisiatiewe oor geletterdheid, die jeugdiens- en naskoolprogram, toegang tot inligting in argiewe en rekorddienste, kuns- en kultuurdienste, en sport- en ontspanningsdienste.

#### **a) Geletterdheidintervensies by openbare biblioteke**

Geletterdheid is van kritieke belang vir sosio-ekonomiese ontwikkeling. 'n Geletterde nasie lewer positiewe bydraes tot die algemene ontwikkeling van 'n land. Doeltreffende geletterdheidsvaardighede maak die deure oop vir meer opvoedkundige en werkgeleenthede sodat mense uit armoede en chroniese onderindiensneming kan ontsnap.

Die rol van openbare biblioteke het lankal reeds verander van fasiliteite wat slegs daarop fokus om boeke aan die publiek te leen, om ook gemeenskapsentrus te wees wat kultuurbewustheid en -begrip kweek en toegang tot plaaslike en gemeenskaplike inligting, e-regering, primêre en algemene gesondheidsinligting en opvoedkundige geleenthede aanbied.

As deel van die Herstelplan se prioriteit oor welstand word daar van die Departement verwag om die openbare biblioteke toe te rus om te verseker dat kinders teen die ouderdom van 10 jaar met begrip kan lees en gesyferd is. Openbare biblioteke speel 'n toenemende rol in die ontwikkeling van vroeë geletterdheidsvaardighede en 'n liefde vir lees by kinders. Openbare biblioteke speel 'n rol deur uit te reik na die gemeenskap, 'n verskeidenheid programme aan te bied, met verskillende generasies te werk, en 'n nasionale leeskultuur te ontwikkel. Voorbeeld van geletterdheidsintervensies sluit in spel- en leeskompetisies, die hardoplees-inisiatief en storieboekure.

#### **b) Jeugdiensprogram**

Werkloosheid onder die jeug is een van die grootste uitdagings wat Suid-Afrika en die Wes-Kaap in die gesig staar. Die werkloosheidskoers vir 15- tot 24-jariges het na 61,3% gestyg, 'n toename van 9 persentasiepunte in 2020 weens die impakte van Covid-19 op die ekonomie.

Die nasionale en provinsiale regering teiken die ontwikkeling van programme wat hierdie uitdaging die hoof kan bied. In die Wes-Kaap is die Departement daarvoor verantwoordelik om 'n transversale aksie te koördineer ter bevordering van pogings om jeugdiges van 'n eerste werkservaring te voorsien as 'n pad na indiensneming of verdere studies. Oor die volgende vyf jaar sal meer as 10 000

geleenthede geskep word vir die jeug om werkervaring op te doen deur die uitbreiding van die YearBeyond- en UOWP-program se voetspoor.

Die provinsiale jeugprogram sal gerig word deur norme en standarde wat deur die provinsie ontwikkel en aangepas is om doeltreffender ondersteuning vir jeug in die provinsie te verseker. Hierdie program sal die jeug van betekenisvolle werkervaring en lewensvaardighede voorsien sodat hulle op hul loopbane kan voortbou. Die oogmerk is dat 75%+ van die deelnemers werk sal kry of studies sal voortsit.

Die teiken vir 2022/23 is om geleenthede aan 2 000 jeugdiges te bied en die teiken vir 2023/24 is ten minste 3 000 jeugdiges, maar indien befondsing beskikbaar is, kan dit na 3 201 jeugdiges verhoog. Hierdie voetspoor sal jaarliks uitgebrei word om teen 2024/25 die teiken van 5 500 geleenthede per jaar te behaal.

Deur aandag aan werkloosheid onder jeugdiges te skenk, word daar tot al drie die provinsiale prioriteite bygedra, naamlik werkgeleenthede, veiligheid en welstand. Die jeugdiensprogram lei tot die ontwikkeling van aktiewe inwoners en moedig 'n kultuur van vrywillige dienslewering aan wat maatskaplike samehorigheid en ons demokrasie versterk. Die program se ondersteuning baan die weg vir jeugdiges na indiensneming of verdere studies wat tot die teikens vir werkgeleenthede bydra. Deur 'n betekenisvolle werkservaring aan jeugdiges in gevaar te bied, verminder ons uiteindelik die waarskynlikheid van antisosiale gedrag en geweld.

Programme oor argiefbewustheid sal die volgende insluit: Jaarlikse Argiefbewustheidsweek, aanlyn aanbiedings via Microsoft Teams, en virtuele argieftoere met 'n spesifieke fokus op die jeug om hulle te voorsien van kennis oor die argief en die funksies daarvan.

Die Departement sal ook tot die provinsiale aanwysers ten opsigte van die welstand van jeug bydra:

- Persentasie jeugprogramme wat aan die raamwerk vir norme en standarde (riglyne) voldoen.
- Getal verankerde en geteikende Naskool- en Gemeenskapsprogramme vir die jeug
- Getal jeug wat ondersteuning via YearBeyond, BPS en ander geteikende programme ontvang

Die departementele aanwysers vir MGO-sentrums hou met hierdie provinsiale maatstawwe verband.

### **c) Toegang tot inligting in argief- en rekorddienste**

Die Argief bemagtig mense deur hulle van toegang tot inligting te voorsien. Die Argief bied aan navorsers en studente toegang tot argivale inligting deur direkte dienste wat in die leeskamer aan kliënte gelewer word, en deur reaksies op navrae. Toegang to argivale inligting sal verder deur die argiefwebwerf versterk word, waar toegang tot gedigitaliseerde afbeeldings beskikbaar gestel sal word. Opleiding in rekordbestuur aan rekordbestuurders en registerklerke verseker die behoorlike bestuur en versorging van openbare rekords by regeringsliggame.

### **Welstand**

Die DKES is een van die baie provinsiale bewaarders van welstand, met 'n fokus op maatskaplike, kulturele en liggaamlike welstand, en die jeug. COVID-19 het 'n enorme impak op die welstand van gemeenskappe gehad, wat vereis dat alle bewaarders welstand prioritiseer. Die DKES sal op die volgende fokus:

- Om bewusheid te skep oor welstand as 'n manier om nuwe dialoog in gemeenskappe te skep op 'n wyse wat erkenning gee aan die welstandsuitdagings waarvoor mense te staan kom; die fokus sal veral op aktiwiteite met die jeug in ontspanning, sport, kuns en kultuur wees.
- Die fasilitering van dialoog oor welstandsuitdagings as 'n manier om gesprekvoering te begin in gemeenskappe waar kwessies oor welstand histories verborge gebly het.
- Samewerking met vennote soos die godsdienssektor om hulle hulpbronne vir die breër welstandsinisiatief aan te wend.
- Die aktivering van gemeenskappe ten opsigte van welstand, insluitend welstandswandelings, gedenksveldtogene, veldtogene wat fokus op die profielsoortgelyke van die stemme van geteikende groepe, soos vroue en die jeug.
- Werwing van 'n ekostelsel van ondersteuning vir die welstand van die jeug deur die loodsprojek 'basiese pakket van dienste' en die YearBeyond- samevattende ondersteuning om seker te maak dat jongmense bewus is van en in staat is om toegang tot dienste te kry, terwyl ons voorspraak vir die hantering van enige leemtes lewer.
- Veldtog oor Wêreld Geestesgesondheidsdag oor die uitdagings van geestelike welstand, met 'n fokus veral op die jeug.

## Buurtontwikkeling

Buurtontwikkeling in die konteks van Sportontwikkeling beteken om hulp met die verdere ontwikkeling van 'n buurt te verleen, terwyl die skool as die middelpunt van die buurt aangewend word. Huidige navorsingsbevindings, ervarings, leringe en/of insigte beklemtoon dat die inwoners van talle buurte daagliks aan die heersende maatskaplike euwels en die bedreiging van menselewens blootgestel word. Vervolgens ervaar talle inwoners die volgende: ontnugtering; dat hulle in 'n toestand van hopeloosheid verkeer; dat daar nie 'n positiewe toekoms is nie; geen gevoel van behorendheid nie; en/of dat hulle hul identiteit verloor het of dat 'n identiteit glad nie bestaan nie. Sportontwikkeling het binne die bestek van sy mandaat 'n roete en 'n proses aangepak wat help met die daarstelling en/of voorsiening van geleenthedstoegangspunte vir skoolgaande jeugdiges binne die skoolgemeenskapomgewing van 'n buurt wat die sentrale ligging van 'n distrik uitmaak.

Ten einde hierdie reis en proses aan te pak, het Sportontwikkeling 'n geïntegreerde en holistiese benadering ontwikkel wat elkeen van sy subdirektorate insluit, naamlik Ontspanning, MGO-program, Skoolsport en Bedryfsteun. Met hierdie geïntegreerde benadering word 'n pyplyn van deelnemers gebou om toegangspunte tot geleenthede aan skoolgaande jeug te voorsien, vanaf die fase van vroeëkindontwikkeling (VKO) tot tersiêre opleiding en/of die wêreld van werk.

## Komplekse vir Kultuur, Kuns, Ontspanning, Onderwys en Sport (CARES-komplekse)

CARES-komplekse bestaan uit 'n stel fasilitate wat met kultuur, kuns, ontspanning, onderwys en sport verband hou en ontwikkel is by 'n skool of groep skole wat naby aan mekaar geleë is. Dié komplekse word as 'n gedeelde stel fasilitate gebruik deur die skoolgaande jeug en skoolgebaseerde gemeenskap van die betrokke skool/skole en buurskole vir die doel van kultuur, kuns, ontspanning, onderwys en sport.

Die onderbenutte grond/terreine en/of gebou(e) by die CARES-kompleks is vir die volgende doeleindes ontwikkel:

- Om veilige ruimtes te voorsien vir benutting deur skoolgaande jeug en skolgemeenskappe vir programme, projekte, aktiwiteite in verband met kultuur, kuns, ontspanning, onderwys en sport in die betrokke buurt en omliggende buurte wat geraak word.
- Om makliker toegang en geleenthede te bied aan skoolgaande jeug en skolgemeenskappe in die betrokke buurte, asook om die deelnemers te ondersteun met die ontwikkeling van 'n gevoel van trots, 'n gevoel van identiteit en 'n gevoel van behorendheid, veral binne die skolgemeenskap van die buurt wat geraak word.
- Om toegang tot positiewe, sosiaal aanvaarbare geleenthede te skep en sodoende te help om sosiale euwels te bestry, soos misdaad en algehele afwykende gedrag.
- Om ondersteuning te bied vir die holistiese opvoeding, ontwikkeling en groei van die skoolgaande jeug en betrokke deelnemers deur middel van die aktiwiteite in kultuur, kuns, ontspanning, onderwys en sport, buiten hulle verwante, akademiese onderwys.
- Om deelnemers te ondersteun met prettige spel- en ontspanningsgeleenthede, asook met die ontwikkeling van selfvertroue, 'n gevoel van eiewaarde en waardigheid.
- Om toegang te bied tot massadeelname, spesifieke en gespesialiseerde aktiwiteite.
- Om te help met die sosialisering van deelnemers op 'n wyse, en binne 'n veilige omgewing, wat 'n kultuur en etos ten opsigte van 'lewenslange aktiwiteit', 'holistiese opvoeding', 'n aktiewe nasie' en ''n wennaasie' koester en bevorder.

## **Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie**

Die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie het ten doel om meer ondersteuning, geleenthede en dienste aan alle jongmense te bied sodat hulle beter by hul omgewing kan inskakel en verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes kan word. Die doel van die strategie is dat die jeug in die Wes-Kaap geïnspireerde, opgevoede, verantwoordelike, onafhanklike en gesonde individue is wat op 25-jarige ouderdom produktiewe persoonlike, gesins- en sosiale verhoudings het.

Die strategie berus op die volgende vyf pilare:

PILAAR	DOELWIT	PROGRAMME
Gesinsgrondslag	Om 'n kritieke massa ouers met doeltreffende ouerskap-vaardighede en ondersteunings-netwerke ter ondersteuning van positiewe jeugontwikkeling te hê	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesins- en ouerondersteuning</li> <li>• Gesondheids- en psigososiale dienste</li> <li>• Gesondheidsgeletterdheid</li> <li>• Ambassadeursprogram vir gemeenskapsrolmodelle</li> </ul>
Onderwys en opleiding	Om te verseker dat die jeug geletterd, gesyferd en voorbereid is op die lewe en werk	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gehalte-onderwys</li> <li>• Skoolretensie</li> <li>• Gestruktureerde naskoolse aktiwiteite</li> <li>• Vaardigheidsontwikkeling en -bemiddeling</li> <li>• Internettoegang vir die publiek</li> </ul>
Ekonomiese geleenthede	Om geleenthede vir die jeug te bied sodat hulle vooruitsigte in die werk- en arbeidsmark uitgebrei word	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde skakels tussen die jeug en werk en studies deur sinvolle werkervarings te skep</li> <li>• Gesubsidieerde werkprogram</li> <li>• Bemiddelingsdienste vir indiensneming</li> <li>• Finansiële geletterdheid</li> </ul>
Identiteit en om te behoort	Om te verseker dat die jeug met positiewe invloede in hul lewens kan identifiseer wat 'n gevoel van behorendheid en bemiddeling bevorder	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Portuurondersteuning en -netwerke</li> <li>• Geleenthede vir sport, musiek, kuns en kultuur as 'n meganisme vir ontwikkeling</li> <li>• Ruimtes en netwerke vir die jeug</li> <li>• Positiewe beeldtekening van die jeug</li> <li>• Ontwikkeling van leierskap</li> </ul>
Geleenthede vir herverbinding	Om die herkonnektering van die jeug te faciliteer deur doeltreffende dienste en ondersteuning te bied	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aktiewe programme om te skakel met jeug wat konneksies verloor het</li> <li>• Programme vir positiewe voetstappe</li> </ul>

PILAAR	DOELWIT	PROGRAMME
	om weer te konnekteer, veerkragtigheid te versterk en positiewe ontwikkeling moontlik te maak	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bemiddeling vir vaardighede en werk</li> </ul>

Die Departement dra by tot elk van die vyf pilare van die strategie, veral Onderwys en Opleiding, deur gestruktureerde naskoolse aktiwiteite te voorsien, en Identiteit en Behorendheid deur geleenthede vir sport, musiek, kuns en kultuur as meganismes vir ontwikkeling aan te bied.

### **Kindgerigte intervensies**

Openbare biblioteke speel 'n belangrike rol in die ondersteuning van die inligtings-, opvoedkundige en geletterdheidsbehoeftes van jongmense in hulle gemeenskappe. Alhoewel dit iets is wat biblioteke nog altyd gedoen het, verander die aard en breedte van biblioteekdienste deesdae om nuwe, verskillende en groeiende behoeftes van kinders en jeugdiges te weerspieël. Namate rekenaars in die daaglikse lewe belangriker geword het, het biblioteke dienooreenkomsdig gereageer. Vir diegene wat nie by die huis of op skool toegang tot rekenaars het nie, is die biblioteek dikwels hulle enigste geleenthed om te leer hoe om een te gebruik, om verskillende sagtewareprogramme te leer ken en om aan die internet blootgestel te word.

Openbare biblioteke is gewilde bymekaarkomplekke vir kinders en jeugdiges na skool, waar naslaanwerk gedoen kan word en om hulle met navorsing te help. Party van hulle kom soek hulp met huiswerk, terwyl die openbare biblioteek vir ander jongmense 'n brug verskaf tussen die struktuur van formele onderwys en die selfbestuur van lewenslange leer. Dit is 'n bron vir inligting oor loopbaangeleenthede en werkopleiding, asook allerhande soorte persoonlike belangstellings en nastrewing.

### **Jeuggerigte intervensies**

In ooreenstemming met die Wes-Kaapse Jeugbeleid wat hierbo uiteengesit is, is die Departement van Kultuursake en Sport daar toe verbind om jeugontwikkeling in al sy dienste en aktiwiteite op te neem. Die jeug is ons toekoms en moet die prioriteit-teikengehoor vir ons werk wees.

Die jeug is soos volg deur die DKES geprioritiseer:

- Investering in die uitrol van verskeie geletterdheid- en leesprogramme vir kinders in VKO-sentrum, skole, biblioteke en gemeenskappe deur middel van sy Biblioteekdienste en YearBeyond. Dit is daarop gerig om 'n kultuur van lees te bou en om teen die ouderdom van 10 jaar lees met begrip te verbeter.
- Investering in hele-kind-ontwikkeling met 'n fokus om seker te maak dat kinders aan 'n reeks sport-, kuns- en kultuuraktiwiteite blootgestel word, en ondersteun word om hulle passies deur middel van Naskoolprogramme te vind en na te streef.
- Investering in die bou van die jeug se gevoel van behorendheid deur "positiewe portuurgroepe" deur middel van sport, kuns en kultuur te skep en vir die jeug toegang te gee tot erfenishulpbronne via ons museums en gemeenskapsfasiliteite.
- Die jeug word ondersteun om bedrewenheid in sport en kuns te ontwikkel.
- Geleenthede vir die jeug om werkervaring op te doen, word gemaksimeer deur 'n kombinasie van jeugdiensgeleenthede, UOWP- en ander programme van openbare werke en vennote.

Die Departement werk voortdurend daaraan om ons dienste aan die jeug te verbreed en uit te brei, en ons werk in jeugontwikkeling word jaarliks hersien.

Verder steun die Departement die transversale jeugontwikkelingsprogram wat verseker dat:

- Die norme en standaarde provinsiewyd aanvaar word
- Elke departement verslag doen oor hulle vordering om programme met die norme en standaarde te belyn
- Elke departement kwartaalliks verslag doen oor hulle bydrae tot die transversale jeug-aanwysers.

Hierdie program fokus daarop om geleenthede aan die jeug te bied om hulle volle potensiaal te bereik. Dit skep werkgeleenthede vir 18- tot 25-jarige NEET's om hulle werkgereed te kry en verbind ook ná die program hierdie jongmense aan paaie na studie of werk. Terwyl die NEET's ontwikkel word, voorsien die program ook broodnodige dienste aan kinders en jongmense in gemeenskappe, skole en staatsdiensprogramme. Hierdie dienste is daarop gerig om dié jongmense te voorsien van geleenthede om betekenis te vind, om hulle passie te vind en na te streef, om 'n liefde vir lees te kweek en om uiteindelik aan naskool-/vakansieprogramme deel te neem.

### **Wes-Kaapse Strategie vir Reaksie op Klimaatsverandering (2014)**

Die Wes-Kaapse Strategie vir Reaksie op Klimaatsverandering 2014 is 'n gekoördineerde reaksie op klimaatsverandering vir die Wes-Kaap om as riglyn te dien vir die kollektiewe implementering van innoverende projekte en die soek na geleenthede wat 'n laekoolstofontwikkelingstrajek met verhoogde klimaatveerkragtigheid, versterking van ekostelsels en die dienste wat hulle verskaf, asook ekonomiese groei en werkskepping kombineer. Die fokus van die strategie is op pragmatiese, plaaslik implementeerbare, programmatiese benaderings om geïntegreerde reaksies op klimaatsverandering te hanter.

Alhoewel die Departement nie regstreeks verantwoordelik is vir die aksies soos uiteengesit in die strategie nie, sal die Departement verskeie aanpassingsinisiatiwe vir die besparing van water insisseur en/of aanhou implementeer. Hierby ingesluit is waterbesparing in alle departementeel personeelkantore en by die Departement se onderskeie fasilitete soos museums, argiewe, en sport- en kultuurfasilitete. Die Departement het verskeie munisipalteite finansieel ondersteun om vir water te boor, water te pomp en watertenks/reservoirs op te rig sodat sport kan voortgaan. Deur sy toelaaprogram vir die kunste sal die Departement voortgaan om die rol wat kuns en kultuur in volhoubare strategieë en omgewingsopvoeding speel, deur middel van forum- en industriële teater te versterk.

### **KONTEKS VAN SEKTORALE BELEID**

Die volgende beleide en wetgewing sal na verwagting 'n impak op die Departement se dienslewering hê:

- Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbarebiblioek- en Inligtingsdiens, 2019

Die Nasionale Kabinet het die publikasie van die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbarebiblioek- en Inligtingsdiens van 2019 vir openbare kommentaar goedgekeur. Die Wetsontwerp het ten doel om aandag te skenk aan transformasieprobleme deur openbare biblioteke aan gemeenskappe beskikbaar te stel, veral aan voorheen benadeelde gemeenskappe. Dit bevorder ook samewerkende regering en koördinering oor die drie

regeringsfere heen sover dit openbarebiblioek- en inligtingsdienste betref. Die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur het die koste van die implementering van die Wetsontwerp op 17 Januarie 2020 aan die Nasionale Tesourie voorgelê (gesamentlike vergadering van nasionale en provinsiale tesourieë). Die Nasionale Tesourie het aangedui dat weens die huidige finansiële beperkings dit aanbeveel word dat die implementering van die Wetsontwerp uitgestel word. Die DSKK het gevolglik besluit om die implementering met ten minste drie jaar uit te stel.

- Hersiene Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis

Die hersiene Witskrif is in 2018 deur die Kabinet goedgekeur ná afloop van 'n sosio-ekonomiese impakbepaling wat deur die Suid-Afrikaanse Kultuurobservatorium uitgevoer is. Dit gee 'n uiteensetting van beleidsdoelwitte, onderstut deur die strategiese waarde van kuns, kultuur en erfenis. Dit stel 'n naatlose integrasie voor van die NOP en die Strategie oor Maatskaplike Samehorigheid en Nasiebou wat die visie en strategiese doelwitte van die Departement inlig.

- Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op die Museumordonnansie (Wet 2 van 2021)

Die konsepwetsontwerp is in 2021 deur die Provinciale Kabinet aanvaar. Die Wetsontwerp het ten doel om die Museumordonnansie te belyn met die Grondwet van die Wes-Kaap en Suid-Afrika. Die Premier van die Wes-Kaap het op 31 Maart 2021 die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op die Museumordonnansie (Wet 2 van 2021) uitgevaardig, behalwe artikel 25. Die nuwe wet belyn die ordonnansie met die waardes van die Grondwet van Suid-Afrika en bevorder ook goeie praktyk in die bedryf.

- Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Erfenishulpbronbestuur

Erfenis is 'n samelopende funksie, en hierdie Wetsontwerp het ten doel om op nasionale wetgewing te steun en tegelyk streeksomstandighede in ag te neem ten opsigte van 'n Konsepwetsontwerp op Erfenishulpbronbestuur. Die Wetsontwerp beoog om die proses vir die bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap meer vaartbelyn te maak. Kommentaar oor die konsepraamwerk vir die wetsontwerp is ontvang en word nagegaan. Verdere gesprekvoering met belanghebbendes kan nodig wees.

- Gewysigde Nasionale Sport-en-Ontspanningsplan

Die Departement het die NSOP in 2021/22 hersien en die hersiening gaan nasionaal voort.

- Wet op Gebruiklike Inisiasie

Die Wet op Gebruiklike Inisiasie het op 1 September 2021 in werking getree en sal die Departement help om benaderings en raamwerke te ontwikkel wat nie net die praktyk veiliger sal maak nie, maar ook sal toesien dat dit in lyn met huidige verwikkelinge is en waarde tot die kulturele praktyke van die gemeenskappe in die provinsie toevoeg. Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die doeltreffende regulering van gebruiklike inisiasiepraktyke, die uiteensetting van die rolle en funksies van die verskillende rolspelers betrokke by inisiasiepraktyke of die beheeraspekte daarvan, en die doeltreffende regulering van inisiasieskole.

## KONTEKS VAN PLAASLIKE REGERING

Die Departement volg 'n asimmetriese benadering tot die ruimtelike verspreiding van dienslewering, gegrond op die behoefté en dravermoë van munisipaliteite.

Die Departement skakel gereeld met munisipaliteite via die GOP-proses asook deur samesprekings met verskeie belanghebbendes in alle distrikte rakende spesifieke dienste, bv. biblioteke; gereelde sportbyeenkomste en argief- en rekordbestuursdienste. Die provinsiale Gesamentlike Distriks- en Metrobenadering (JDMA) is 'n geografiese, spangebaseerde, inwoner-gefokusde benadering (onder leiding van die Departement van Plaaslike Regering) om 'n mandjie regeringsdienste te lewer ter verbetering van lewensomstandighede in die provinsie. Die Departement ondersteun die volgende prioriteit deur sy dienste: bestuur van infrastruktuur; institusionele oorsigbestuur; skakeling met inwoners; belyning van interregeringsbeplanning; databestuur; en vennootskappe/gedeelde dienste. Die Departement het 'n voetspoor in elke distrik en werk ten nouste saam met munisipaliteite om belyning met die Gesamentlike Distriks- en Metrobenadering te verseker. Die Departement werk tans ten volle daaraan om onbelemmerde, geïntegreerde oorsigbestuur te verseker.

## 2. Bywerkings tot institusionele beleide en strategieë

### 2.1 Institusionele benaderings

Die Departement se implementering van sy beleide en strategieë sal deur die volgende benaderings onderstut word:

#### Innovasie

Die DKES probeer sorg dat enige investering veeldoelige voordele inhoud. Een van hierdie innovasies is veeldoelige programme. Byvoorbeeld: Die meeste openbare biblioteke dien as veeldoelige biblioteke om te help met die tekort aan skoolbiblioteke, en hulle bedien terselfdertyd die omliggend gemeenskap. Die meerderheid van bestaande landelike, openbare biblioteke, asook alle nuwe biblioteke wat beplan en gebou word, is naby aan een of meer skole geleë, wat hulle veeldoelige rol as skool-/gemeenskapsbiblioteke versterk. In YearBeyond verskaf die Departement 'n eerste-werkervaring en vernou terselfdertyd die leesgaping.

Die vraag na aanlyn lees het oor die afgelope paar jaar geleidelik toegeneem en is nou deel van die aanbod by Wes-Kaapse openbare biblioteke, waar bibliekgebruikers elektroniese en audioboek uit die gemak van hulle huis of virtueel enige plek kanleen. Alle opnames van mondelinge geskiedenis is nou ook via YouTube beskikbaar vir enigiemand wat toegang daartoe wil verkry.

Die Departement werk ook voortdurend daaraan om sy argiefdienste te vernuwe. Hierby ingesluit is deurlopende digitalisering van argiefrekords, die ontwikkeling van die beroep (in hierdie verband het die Departement 'n ooreenkoms aangegaan met die Nasionale Argief van Nederland om opleiding aan die Wes-Kaapse argivarisse te bied) en die implementering van Access to Memory (AtoM) – webgebaseerde sagteware vir die beskrywing van argiestukke wat dit vir die Argief maklik sal maak om argiefmateriaal aanlyn te publiseer. Dit sal aanvullend tot die implementering van die argiefwebwerf aanlyn toegang tot argiefrekords verbeter. Openbare bewusmakingsprogramme en uitstellings sal aanlyn plaasvind. Opleidingskursusse in die bestuur van elektroniese rekords sal steeds

aangebied word om die bestuur van elektroniese rekords te verbeter. Opleiding in rekordbestuur en vir registerklerke word aanlyn aangebied. Ons sal voortgaan met die aanlyn kursus vir registerklerke wat in oorleg met die Departement van die Premier aangebied word. Die oudits van rekordbestuur sal nou aanlyn gedoen word.

Die Departement het tydens die Premier se Toekennings vir Diensuitnemendheid in 2019 twee silwer toekennings vir sy Buurtontwikkelingsprogram gewen wat deel van die Departement se naskoolprogram uitmaak. Bykomend tot die innovering deur verskeie belanghebbendes ingevolge hierdie program, het die Departement innoverende denke by sy werksaamhede geïntegreer, waaronder die ondersteuning van 'n maatskaplike innovasie-uitdaging as deel van die YearBeyond-program en verskeie innoverende programme wat vir die jeug 'n weg na indiensneming baan. As deel daarvan om NSP's te lewer, het die Departement innoverende infrastruktuurlewering via klustergebaseerde fasiliteite verskaf wat onder die MGO- en buurtskoolprogramme ressorteer.

Die Departement het in 2020 brons gewen vir die Naskoolskatkis-projek in oorleg met donateurs, NRO's en gemeenskappe, wat uitvoering gee aan die regering se verbintenis tot 'n hele-samelewing-benadering. Desgelyks het YearBeyond 'n innoverende vennootskap- maatskaplike franchise-model ontwikkel wat koste tussen vennote en die regering deel.

'n Innoverende aspek van die Departement se werk met sportfederasies is om die burgerlike samelewing te betrek by jaarlikse monitering- en evalueringsvergaderings met federasies. Sodoende word aanspreeklikheid, toesighouding en inklusiewe deelname bevorder.

Die Departement volg ook 'n innoverende "buurtontwikkeling"-benadering deurdat ontpanning, massadeelname, skoolsport, die vestiging van klubs en sport, kuns en kultuur gebruik word as 'n meganisme vir die ontwikkeling van buurte wat die volgende voorsien:

- 'n gevoel van behorendheid;
- 'n gevoel van identiteit;
- maatskaplike insluiting;
- lewenslange aktiwiteit ('n "Aktiewe Nasie"); en
- 'n wen-ingesteldheid ('n "Wen-nasie").

Hierdie buurtontwikkelingsbenadering fokus op die ontwikkeling van voorskoolse en skoolgaande jeug in die ouderdomsgroep 3 tot 18 jaar in 12 woonbuurte regoor die Wes-Kaap. Die klem in elke buurt is op vroeëkindontwikkeling gedurende skool- en in naskoolse aktiwiteite. Hierby ingesluit is spel, liggaamsopvoeding, ontpanning, intra- en interskoolgebaseerde aktiwiteite, deelname op gevorderde vlak, bemeesterung, en loopbaangebaseerde en professionele aktiwiteite.

'n Benadering van gedeelde fasiliteite in die middel van elke buurt sal gevolg word, waar skoolgebaseerde fasiliteite óf opgegradeer óf ontwikkel sal word. Hierdie fasiliteite sal deur die betrokke skoolgebaseerde gemeenskappe van elk van die 12 buurte benut word.

Deur middel van hierdie program, wat geïnspireerde lewensvaardighede en positiewe boodskappe in sosiale media asook die benadering van gedeelde fasilitate insluit, sal die jeug in elk van die 12 buurte oor 15 jaar toegang hê tot hulpbronne en ondersteuningstelsels wat hulle in staat sal stel om holisties ontwikkelde individue, patriotiese inwoners en produktiewe lede van die samelewing te word.

Die Departement het in 2021/22 begin met die aanlyn aansoekproses vir oordragbefondsing (vir sportfederasies) en sal voortgaan om die proses in die 2022/23-boekjaar te verfyn. Die Departement

het ook 'n nuwe aanlyn besoekerregister vir geaffilieerde museums geïmplementeer. Die aanlyn register stel besoekers aan museums in staat om met 'n slimfoon, tablet of persoonlike rekenaar aan te meld. Alle statistiek word dan outomatis by die gesentraliseerde aanlyn besoekerregister ingedien.

### **Hele-regering-benadering (WOGA) en hele-samelewingsbenadering (WOSA)**

Die DKES het in sy werksaamhede 'n samewerkende hele-samelewingsbenadering aanvaar en vennootskappe in die kuns-, sport- en jeugsektor aangegaan. Deur die kollektiewe sterk punte van vennootskappe te benut, was die DKES in staat om sy voetspoor uit te brei, organisasies rondom 'n gemeenskaplike visie te mobiliseer, en koste met die nieregeringsektor te deel.

Die hele-samelewingsbenadering (WOSA) is 'n transversale gemeenskapsgebaseerde beplanningsbenadering wat ten doel het om die sosio-ekonomiese uitdagings "binne" 'n gemeenskap te begryp en aan te pak, eerder as die algemene uitdagings "van" 'n gemeenskap, met erkenning vir die feit dat elke gemeenskap sy eie unieke uitdagings het. Hierdie benadering sal op vier gebiede fokus, naamlik Saldanha, Drakenstein, Manenberg en Khayelitsha. Die Departement is ten volle by hierdie inisiatief betrokke.

Die Departement en Erfenis Wes-Kaap is formele lede van die 'Problem-Driven Iterative Adaptation'-(PDIA) en 'Fixed Capital and Property Development'-span (FCPD). Die span pak gesamentlik uitdagings in die regering aan, met 'n fokus op werkverliese en dalende ekonomiese aktiwiteit in die bou- en eiendomontwikkelingsbedryf in die Stad Kaapstad-metropolitaanse gebied.

### **Stedelike/landelike dienslewering**

Al die Departement se dienste word in sowel die stedelike as landelike gebiede van die provinsie aangebied. Deur middel van kuns-, kultuur- en erfenisprogramme verseker die Departement dat kultuur en erfenis bewaar word en dat die kunste in landelike distrikte bevorder word, met museums en kunsfasilitete as middelpunte. Die Departement verskaf biblioteekdienspunte in die meeste van die baie klein landelike gemeenskappe (met bevolkings van 'n paar honderd mense of meer). Die meeste van die klein landelike biblioteeksentrums word via die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke (RLCP) van gratis internet voorsien. Vir baie van hierdie gemeenskappe is dit die enigste toegang tot die internet wat beskikbaar is. Om te verseker dat blinde en gesiggestremde mense in die provinsie gratis toegang tot leesmateriaal het, het die Departement, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes, 28 minibiblioteke vir blindes in die landelike gebiede gevestig. Die Departement het sport- en ontspanningskantore in die ses distrikte van die Wes-Kaap. Die kantore is in Kaapstad, Paarl, Vredenburg, Caledon, Oudtshoorn en Beaufort-Wes geleë en daar is twee satellietkantore, naamlik in George en Vredendal. Kuns- en kultuurontwikkelingsprogramme word deur strategiese vennootskappe in alle landelike distrikte geïmplementeer.

Geaffilieerde museums is regoor die Wes-Kaap geleë, en 24 hiervan is in landelike gebiede wat bydra tot die bevordering van maatskaplike insluiting en ekonomiese ontwikkeling in hierdie gebiede. Hierdie museums sluit in Beaufort-Wes Museum, CP Nel Museum (Oudtshoorn), George Museum, Bartolomeu Dias Museum (Mosselbaai), Worcester Museum en die Koringbedryfsmuseum (Moorreesburg).

Die Departement gaan voort om deur middel van die provinsiale argief- en rekorddiens hulp te bied aan regeringsliggame, munisipaliteite ingesluit, om rekords te bestuur om aanspreeklikheid en goeie oorsigbestuur te bevorder.

Die ruimtelike voetspoor (terreine) van die Naskoolprogram is 55% stedelik: 45% landelik. Verskeie ander sport- en ontspanningsaktiwiteite vind ook in stedelike en landelike gebiede regoor die provinsie plaas. Stedelike en landelike ontwikkeling maak ook 'n integrale deel uit van al die Departement se sportontwikkelingsaktiwiteite, -projekte en -programme, bv. die Ontspanningsprogram, MGO-program en Skoolsportprogram. Deelnemers, personeel en toewysings het ten doel om 'n balans tussen stedelike en landelike ontwikkeling te verseker.

### **Vooropstelling van geslag, die jeug en persone met gestremdhede**

Verskillende openbare biblioteke bied uitrekprogramme wat daarop gefokus is om vroue deur geletterdheid te bemagtig en kwesbare vroue en meisies van ondersteuning te voorsien.

In die Naskoolprogram maak meisies meer as die helfde van die gereelde en konsekwente leerders uit. 'n Benadering van geslagsgelykheid word met sportontwikkelingsaktiwiteite, -projekte en -programme gevvolg, bv. die Ontspanningsprogram, MGO-program en Skoolsportprogram. Deelnemers, personeel en toewysings het ten doel om 'n balans met betrekking tot geslag te verseker. Die federasies bied ook sport vir vroue en mans, en junior meisies en seuns in elke sportkode aan.

Die Departement ondersteun die programme vir vroue en meisies wat deur sportfederasies geïdentifiseer is. Ses projekte word jaarliks in die Wes-Kaap geïdentifiseer. Daarbenewens word programme vir vroue en meisies deur middel van die volgende ondersteun:

- Kapasiteitsbou (noodhulp, vlakke, ens.)
- Leierskap- en mentorskapkursusse
- Kursusse vir skeidsregters en tegniese beampies
- Ontwikkelingsprojekte

Vroue in Sport-promosietoere sal jaarliks regoor die provinsie gehou word om die struikelblokke en inisiatiewe vir vroue in sport te bespreek. Die oogmerk van die werkswinkels is tans om 'n provinsiale aksieplan (#PAP) te formuleer as riglyn vir kliënte en federasies in die Wes-Kaap om struikelblokke uit te wis, deelname te verhoog, geslagstereotipering uit te wis, voeding, sportgesondheid, liggaamlike en geestelike welstand, onderwys en opleiding, toeganklikheid, mentorskap en afrigting, geslagvooropstelling, platforms vir vroulike leierskap en mentorskap, media, uitsaaiery, borgskap, beleidontwikkeling en die uitwissing van geslagsgebaseerde geweld deur sport.

Die Departement ondersteun ook deur sy programme vir persone met gestremdhede deur die verskaffing van vaardighedsopleiding, produkontwikkeling, tentoonstellings en werkgeleenthede. Die forum vir gestremdes in Genadendal, Greyton en Voorville word die afgelope paar jaar deur die Departement bygestaan. Hulle het daarin geslaag om oor die afgelope drie jaar 'n handelsmerk vir hulle produkte te skep en dit stel hulle in staat om hulle produkte op die handelsmark te verkoop.

Die organisasie maak juweliersware uit herwonne papier en het nou uitgebrei en werk ook met leer. Hulle beoog om aanlyn verkope te doen wat hulle reikwydte sal laat groei en moontlik nuwe markte vir hulle produkte sal skep.

Die Departement het befondsing voorsien aan Pioneer-drukkers ('n NRO) wat bladmusiek in braille vir gesiggestremdes produseer. Dit bied individue die geleentheid om bladmusiek te lees en hulle kennis oor musiekgeletterdheid uit te brei.

Die Departement voorsien deur middel van ontwikkelingsprogramme vir dans en drama aan gemeenskapsgebaseerde dansers, musikante, skrywers en dramagroepe platforms vir opleiding en geleenthede vir vertonings wat uiting gee aan tersaaklike geslag- en jeugkwessies.

Die Departement werk in oorleg met belanghebbende agentskappe in die dowe gemeenskap om deurlopende bewusmaking rakende gehoorgestremdes te skep.

Die Departement het ook verskeie programme en inisiatiewe wat op die jeug fokus ten einde die maatskaplike en ekonomiese uitdagings waarvoor die jeug in die provinsie te staan kom, die hoof te bied.

### **Strategie oor geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GBVF)**

Die Departement werk ten nouste saam met die DSKK om die Beleid oor Vroue in Sport te verfyn. Verslae oor programme wat volgens die GBVF-strategie aangebied word, word maandeliks ingedien. Die Departement word ook verteenwoordig op die provinsiale GBVF-forum wat onder leiding van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is. Deur hierdie forum verseker die Departement dat 'n bydrae tot die provinsiale GBVF-strategie gelewer word en dat verslag gedoen word oor huidige aktiwiteite wat poog om GBVF in die provinsie te verminder.

### **Kompromisse ten opsigte van beleid**

Die Departement sal binne die beperkings van sy begroting eerder die gehalte en reikwydte van sy programme verbeter as om diensaanbiedinge uit te brei. Die biblioteekdiens sal byvoorbeeld nie in die vorm van die oprigting van nuwe biblioteke uitgebrei word nie, maar eerder deur die opgradering van bestaande fasiliteite en deur programme wat sal poog om meer inwoners te bereik.

## **2.2 Diensleweringverbeteringsplan**

Die Departement stel tans 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) saam wat daarop gemik is om doeltreffende en effektiewe dienslewering te verseker, en sal daaraan werk om die volgende dienste in die 2022-23-boekjaar te verbeter:

Dienste wat vir verbetering geïdentifiseer is	Departementele projekte/planne
Diens 1 Argief	Verbeterde, konsekwente dienste aan kliënte deur die digitalisering van argivale materiaal. Dit maak deel uit van die digitale transformasie-agenda van die Wes-Kaap en sal die publiek van verbeterde, billike toegang tot regeringsinligting voorsien.  Gedigitaliseerde beeldmateriaal verseker aanlyn toegang tot argiefmateriaal en sorg dat die geografiese grense verwyder word, aangesien die publiek enige plek in die wêreld toegang daartoe kan verkry. Dit behels onder meer die uitbreiding van die digitaliseringsprojek deur rekords van die Oos-Kaap en Noord-Kaap (wat in besit van die Wes-Kaapse Argief is) te digitaliseer, en dit sal beteken dat argiefrekords vir die volgende geslag oor die lang termyn bewaar word. Die digitalisering van versamelings sal vir sakekontinuïteit en rampherset rugsteunkopieë verskaf wat gebruik kan word wanneer die oorspronklikes ontoeganklik is.
Diens 2	Sterker verbindings tussen die aktiwiteite van inheemse spele om die jongmense en die jeug van ons gemeenskappe te sosialiseer. Hierdie spele oorbrug die gaping wat tussen

Dienste wat vir verbetering geïdentifiseer is	Departementele projekte/planne
Inheemse speletjies	<p>grootouers en kleinkinders verbind. Dié spele herenig families en voorsien aan die samelewings 'n hegte grondslag vir die welvaart van kinders. Die sterk skakels tussen mense se wortels en die spele skep 'n gevoel van trots, behorendheid en identiteit vir baie van die deelnemers.</p> <p>Die gebruik van Ontspanningsentrus om die aktiwiteite van inheemse spele te populariseer, is van kardinale belang vir 'n alternatiewe vorm van ontspanning en sport wat bekostigbaar is. Groot ruimtes en toerusting word nie benodig om die spele te speel of oefen nie. Dit verbind die verskillende kultuurgroepe van die Wes-Kaap en van Suid-Afrika. Die name wat algemeen gebruik word om elke kode te identifiseer, is van die 11 tale van Suid-Afrika aangeleer.</p> <p>Die kodestrukture vir inheemse spele ondersteun die administrasie en volhoubaarheid van hierdie spele. Die doel is dat hierdie kodes ligawedstryde begin speel, soortgelyk aan die van gewone sportfederasies. Ondersteuning van die provinsie en plaaslike munisipaliteite sal deelnemers help om ligawedstryde te speel. Hierdie stelsel sal voortdurende deelname verseker en sodoende die vaardighede van die deelnemers verbeter.</p> <p>Hierdie spele sal ook vir gemeenskappe ondersteun met die bewaring van kultuur en erfenis. Deur hierdie spele word storievertelling en sosio-ekonomiese kwessies, insluitend Afrika-identiteit, kulturele diversiteit, onderwys, opleiding en kreatiwiteit ondersteun. Sonder hierdie soort ondersteuning sal die ryk geskiedenis van die Wes-Kaapse inheemse mense, die Suid-Afrikaanse inheemse mense en die Afrika-bevolking uitsterf.</p>

## 2.3 Beplande beleidsinisiatiwe

Die beleidsinisiatiwe wat vir 2022-23 en die MTBR-tydperk beplan word, word hieronder beskryf:

BEPLANTE BELEIDSINISIATIEWE	DOEL	VOORGESTELDE TYDRAAMWERK
Hersiening van provinsiale wetgewing insake biblioteke	Om 'n regulatoriese impakbepaling van die gesiktheid van die huidige provinsiale wetgewing insake biblioteke uit te voer.	2022/23
Wes-Kaapse Kuns- en Kultuurbeleid	Die beoogde beleid sal 'n grondslag vorm vir die ontwikkeling, bevordering en beskerming van nie alleenlik die kunsvorme en -genres nie, maar ook die departement se benadering tot tasbare én ontasbare kultuur.	2022/23
Wysiging van die Wet op Proviniale Argiewe en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005)	Nuwe verwikkelinge op die gebied van argief- en rekordbestuur het die wysiging van die Wet op die Proviniale Argief- en Rekorddiens genoodsaak. Die gewysigde wetgewing sal verwikkelinge soos tegnologiese ontwikkeling in argief- en rekordbestuur insluit. Die Wet sal ook belyn word met die hersiene Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika (Wet 43 van 1996, soos gewysig) tesame met die bygewerkte Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis.	2023/24

### 3. Bywerkings tot tersaaklike hofuitsprake

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKES
<i>The Chairpersons' Association v Minister of Arts and Culture [2007] SCA 44 (RSA)</i>	Appèlhof saaknommer 25/2006	In hierdie uitspraak word uiteengesit wat as toereikende oorlegpleging met plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbendes beskou kan word ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan geografiese name. Die DKES en die Wes-Kaapse Provinciale Geografiese Namekomitee wat deur die LUR daargestel is, is belangrike rolspelers in die implementering van die tersaaklike wetgewing, veral in soverre die facilitering van oorlegpleging met belanghebbendes en gemeenskappe betref. Hierdie uitspraak moet in ag geneem word wanneer veranderinge aan geografiese name hanteer word.
<i>Qualidental Laboratories v Heritage Western Cape [2007] SCA 170 (RSA)</i>	Appèlhof saaknommer 647/06	Hierdie uitspraak bevestig die bevoegdhede wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap verleen is om voorwaardes vir 'n ontwikkeling kragtens artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, op te lê.
<i>Top Performers (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Recreation</i>	Wes-Kaapse Hooggereghof saaknommer 5591/05	Hierdie uitspraak het 'n diepgaande impak op die appèl-prosesse van die tribunale wat deur die LUR aangestel is kragtens artikel 49 van die Nasionale Wet op Erfenishulpbronne, 1999, gelees met Regulasie 12 van PK 336 van 2003. Die DKES en die LUR het regstellende stappe gedoen om billike administratiewe prosesse te verseker en om voorsiening te maak vir die toelating van nuwe bewyse in die rekord van 'n tribunaalproses, asook beter nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid ten opsigte van die audi alteram partem-grondbeginsel.
<i>Willows Properties (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Sport</i>	Wes-Kaapse Hooggereghof saaknommer 13521/08	Die applikant het 'n dringende aansoek by die Hooggereghof ingedien om die LUR te dwing om 'n besluit te neem of, as alternatief, die Rekord van Beslissing te voorsien ten opsigte van 'n appèl wat by die LUR ingedien is kragtens artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees met Regulasie 12(7) van PK 336 van 2003. Die impak van die uitspraak vir die DKES is dat dit moet verseker dat tribunale Rekords van Beslissing tydig uitrek. Regstellende maatreëls is sedertdien geïmplementeer.
<i>Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association and Another v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms) Bpk and Others 1926/2008 [2009] ZAWCHC 181.</i>	Wes-Kaapse Hooggereghof saaknommer 1926/2008	Die hof het oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap of Erfenis Wes-Kaap oor regsbevoegdheid beskik ten opsigte van terreine wat deur SAEHA as graad 1-terreine ooreenkomsdig artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gegradeer is. Die Hof het bevind dat SAEHA in sulke gevalle jurisdiksie het. Die implikasie van hierdie uitspraak vir die DKES is dat die Departement regshulp ten opsigte van die vertolking van wetgewing aan Erfenis Wes-Kaap moet verleen en moet verseker dat EWK binne sy regsmandaat optree.
<i>The Louis Trichardt Chairperson's Association v the Minister of Arts and Culture and the Geographical Names Council of South Africa</i>	Gauteng-afdeling van die Hooggereghof van Suid-Afrika 2014	Die hof het die naamverandering van Louis Trichardt na Makhalo ter syde gestel nadat die partye buite die hof 'n skikking bereik het. Dit het implikasies vir hoe die DKES en die Wes-Kaapse Provinciale Geografiese Namekomitee verseker dat die nodige oorlegplegingsprosesse rakende voorgestelde veranderinge, standaardisering of heroorweging van geografiese name gekommunikeer en gedokumenteer word.
<i>Peter Gees v die Provinciale Minister van</i>	Wes-Kaap Afdeling van die	Voorwaardes kan opgelê word in 'n permit vir die sloping van 'n bestaande struktuur wat ouer as 60 jaar is ingevolge artikel

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKES
Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, die Voorsitter, Onafhanklike Appèltribunaal, Erfenis Wes-Kaap, die Stad Kaapstad, City Bowl Ratepayers' & Residents' Association	Hoë Hof van Suid-Afrika saaknommer 6205/2015	34(1) van die Nasionale Wet op Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999).
Piketberg Local Heritage Committee and Another v Liebco Vleishandelaars Edms Bpk and others (Heritage Western Cape 2nd Respondent)	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggereghof van Suid-Afrika, saaknommer 1103/2016	Aansoek om hersiening van 'n besluit van EWK se Beboude Omgewing- en Landskapkomitee (BELCom). Toestemming is aan BELCom verleen om 'n gebou op erf 207 Piketberg te sloop. Die Piketberg-erfeniskomitee het by die Hooggereghof aansoek gedoen om die besluit te hersien aangesien daar nie aan die bepalings van PAJA voldoen is nie. Die Hof het EWK se huidige beleid wat aandui dat raadpleging slegs met geregistreerde bewaringsliggame moet geskied, oorweeg en beslis dat, aangesien die besluite wat geneem is die potensiaal het om lede van die publiek te raak, breër openbare raadpleging nodig was.

# DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS

## 4. Bygewerkte omstandigheidsontleding

### 4.1 Ontleding van die eksterne omgewing

#### POLITIEKE OMGEWING

'n COVID-19-herstelplan is vir die provinsie ten opsigte van werkgeleenthede, welstand en veiligheid saamgestel om mense van die Wes-Kaap se waardigheid te herstel, waartoe die Departement 'n bydrae sal lewer.

Die Departement handhaaf steeds vennootskappe met die betrokke munisipale strukture en hul hoofde. Die Departement implementeer sy programme en projekte binne munisipale grense.

Die rekordbestuurdiens van die Departement kan geraak word deur politieke leierskap wat weens die munisipale verkiesings in 2021 kan verander, aangesien moontlike veranderinge aan munisipale afbakenings, samevoegings, naamveranderinge van munisipaliteite en nuwe beleidsrigtings die ordening en beskrywing van lêerplanne beïnvloed.

#### EKONOMIESE OMGEWING

Die land se lae groeikoers en die wisselvallige wisselkoers van die Suid-Afrikaanse geldeenheid asook die impak wat die pandemie sal hê op die getal toeriste wat die provinsie besoek, kan daartoe lei dat minder mense geaffilieerde museums besoek en feeste bywoon. Die Departement fokus toenemend op kultuur- en skeppende bedrywe as 'n potensiële bydraer tot ekonomiese groei en werkskepping. Voorts beoog die Departement om die institusionele kapasiteit van kunsorganisasies en -praktisyne te ondersteun en te versterk.

In reaksie op beperkte finansiële hulpbronne, fokus die Departement op strategiese herbelyning vir beter samewerking met 'n paar instansies in die betrokke maatskaplike en openbare sektor, asook op inisiatiewe vir die aanwending van hulpbronne vir groter impak. Die ekonomiese omgewing skep ook onsekerheid oor die ontvangs van 'n voorwaardelike toelae vir argief- en rekorddienste, wat broodnodige toerusting, personeel en infrastruktuur kan befonds. Die besnoeiing in begrotings en, meer spesifiek, die perke wat vir regeringsdepartemente se besteding aan vergoeding gestel is, het 'n negatiewe impak op dienste wat menslike hulpbronne verg en aan die voorpunt van dienslewering staan. Beperkte finansiële hulpbronne hou ook 'n risiko in vir die voortgesette implementering van ondernemingsinhoudbestuur.

Voorts, soos beskryf in die Strategiese Raamwerk vir die Provinciale Strategiese Plan 2019-2024, is werkloosheid onder die jeug 'n ernstige ekonomiese en maatskaplike krisis in Suid-Afrika. Alhoewel jeugdiges (tussen 15 en 34 jaar oud) 42,9% van die provinciale arbeidsmag uitmaak, het 'n heelwat hoër persentasie (66,9%) van hulle in die derde kwartaal van 2019 onder die provinsie se werkloses getel. Baie van die provinsie se werklose jeug kom uit huise en gemeenskappe wat gekenmerk word

deur sosio-ekonomiese ontbering (d.w.s. swak lewenstandarde, lae onderwysuitkomste, hoë werkloosheidskoerse en swak gesondheidsuitkomste) en oor beperkte naskoolse geleenthede beskik. Die Departement se jeugdiensprogram het ten doel om werk te maak van hierdie kwessie deur geleenthede vir die jeug te skep om op 'n sinvolle wyse by geleenthede vir werkservaring betrokke te raak en toegang tot ondersteuning te verkry sodat hulle hul weg na indiensneming of verdere studies kan baan.

Die impak van COVID-19 op die ekonomie het begrotingsbesnoeiings tot gevolg gehad en het 'n negatiewe uitwerking op ons vermoë om kernfunksies ingevolge die Departement se mandaat ten volle te voorsien. Besnoeiings van die begroting vir die vergoeding van werknemers het beteken dat kritieke poste nie befonds kon word nie – in 'n omgewing waar die behoefté aan dienste gaan toeneem.

COVID-19 het ook 'n vernietigende uitwerking op sektore in kuns en kultuur, sport en ontspanning gehad met sommige van ons sleutelvennote wat op die rand van sluiting staan. Die DKES sal op nuwe leveringsmodelle fokus (bv. netwerkleveringsmodel vir kuns en kultuur) om meer met minder te doen en om tot die herstel van die sektor by te dra.

#### MAATSKAPLIKE OMGEWING

Die COVID-19-pandemie het gelei tot beperkings op sosiale byeengeselskap en die Departement het dus begin om meer van sy dienste aanlyn te voorsien, en sal gedurende 2022/23 voortgaan om die aanlyn diensaanbod te ontwikkel. Die grendeltydperk het 'n ernstige uitwerking op sektore in kuns en kultuur, sport en ontspanning gehad omdat die meeste van die Departement se dienste slegs tydens vlak 1 van die grendeltydperk weer beskikbaar was. Beperkte persoonlike konsultasie met kliënte en belanghebbendes weens die COVID-19-pandemie het gelei tot die herontwerp van dienste en die instelling van aanlyn opleidingskursusse.

Die toename in die provinsie se bevolking sal na verwagting addisionele druk op die vraag na die Departement se dienste plaas. Die bevordering van maatskaplike insluiting in gemeenskappe is steeds 'n belangrike taak van die Departement. Namate verstedelikte gemeenskappe groei, speel kultuur- en erfenisinstansies 'n belangrike rol om bewustheid te skep en 'n gevoel van behorendheid te ontwikkel deur middel van inklusiewe narratiewe wat lewenservarings weerspieël.

As gevolg van die negatiewe uitwerking van COVID-19 asook die beperkings wat met die gevoldlike regulasies gepaard gaan, bv. beperkings op sosiale byeengeselskap, isolasie, gebrek aan sosiale interaksie en skeiding van familie en vriende, en al die vrese wat met so 'n pandemie verband hou, voel mense emosioneel en geestelik gespanne en gedreineer, tot die punt waar die geestelike welstand van die mense 'n groot bekommernis geword het. Om die gety te keer en ons mense te help om hulle toestand van geestelike welstand te verbeter, word die leverbare uitsette van die Departement 'n kritieke faktor, aangesien die Departement betrokke is by die belangrike aspekte wat die emosionele en geestelike welstand van elke persoon beïnvloed, bv. lees, oefen, sing, speel, ens. Die leverbare uitsette van die Departement behels ook kritiese aspekte wat elke persoon se gevoel van behorendheid en identiteit raak, bv. ons geskiedenis en erfenis.

Openbare belangstelling in die land se geskiedenis en erfenis dui aan dat die jeug ook baie gretig is om meer te wete te kom van die interpretering van geskiedenis en die relevansie daarvan. Derhalwe is daar heelwat potensiaal vir geaffilieerde museums om aan gemeenskappe te bewys waarom hulle van maatskaplike belang is deur gesprekke oor hierdie kwessies te voer, tersaaklike programme aan te bied en 'n inklusiewe benadering tot dienslewering te volg. Voorts moet die publiek meer

daarvan bewus gemaak word dat argiewe relevante inligtingsbronne bevat wat van waarde vir verskeie aspekte van hulle lewens kan wees. Die Departement sal sy bewusmakingsprogramme oor argiewe, uitstallings en virtuele toere herontwerp om begrip vir die waarde van argiefrekords en die rol van argiewe te verbeter. Die toenemende behoeftes aan die bestuur van elektroniese rekords sal deur die verbetering van ondernemingsinhoudbestuur ondersteun word. Statistiek Suid-Afrika se verslag oor die Maatskaplike Profiel van die Jeug (2009-2014) dui daarop dat die jeug 'n hoë risiko vir betrokkenheid by misdaad loop. Die Departement het dus sy fokus op jeugontwikkelingsprogramme op die terrein van kuns, kultuur, taal, sport en ontspanning asook die naskoolse sfeer verskerp. Die burgerlike samelewing het sportverwante strukture in alle geopolitieke distrikte in die provinsie. Die Departement se werksaamhede bied geleenthede vir die insluiting van al ons mense by opbouende maatskaplike aktiwiteite sodat toestande vir respek en verdraagsaamheid in ons samelewing geskep kan word.

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) het in Augustus 2019 ingevolge artikel 8 (8)(a) van die PanSAT-wet (Wet 59 van 1995), 'n Wes-Kaapse Proviniale Taalkomitee (PTK) aangestel. Dit skep 'n geleentheid vir die PanSAT se PTK, die Wes-Kaapse Taalkomitee, ander relevante organisasies en die Departement om saam te werk en om hulpbronne en kundigheid saam te span, wat 'n groter impak op die monitering en implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid sal hê.

## TEGNOLOGIESE OMGEWING

Die groei van tegnologie bied nuwe platforms om met inwoners te skakel, en maak voorsiening om inhoud in meer lae te skep sodat die interpretasie van artefakte en gebeure in geskiedenis voortdurend bygewerk kan word. Dit bied ook 'n kostedoeltreffende manier waarop geskiedenissonder die beperking van geografiese grense gedeel kan word, en stel die Departement in staat om dit in meer as een taal te doen.

Wêreldwyd groei die digitale bedryf die vinnigste, en dit blyk duidelik uit die rasse skrede waarmee musiek en die literêre kunste aanlyn gestroom word. Die eise en behoeftes van die afgelope jaar het ons gebruik van tegnologie versnel om ons mandaat beter uit te voer om in hierdie ontwikkelende digitale omgewing relevant te bly. Die jaarlikse befondsingsiklus is na 'n aanlyn proses omskep. Dit het verslagdoening, datavisaslegging en berging vir toekomstige gebruik vaartbelyn gemaak.

Een van die onmiddellike uitwerkings van die nasionale rendeltydperk in die land weens die COVID-19-pandemie, was die verskuiving van erfenis hulpbronne se bestuursprosesse na 'n proses wat bykans heeltemal aanlyn plaasvind vir die hersiening en verwerking van navorsing- en ontwikkelingsverwante permitaansoeke. Dit word deur middel van die werksaamhede van Erfenis Wes-Kaap as entiteit bestuur.

Die projek om argiewe te digitaliseer sal verbeterde toegang via die web en die bewaring van sommige geïdentifiseerde argivalia verseker om aan die toenemende vraag te voldoen. Digitalisering is die proses om inligting van 'n fisiese (papiergebaseerde) formaat te omskep in 'n digitale formaat om aanlyn toegang en die bewaring van 'n aansienlike hoeveelheid argiefrekords te verbeter, asook om die slytasie van oorspronklike rekords vir toekomstige naslaanwerk te verminder. Tendense in inligtingsbestuur, soos digitalisering en die bestuur van elektroniese rekords, verander deurentyd en die Departement poog om op hoogte van hierdie tendense te bly. 'n Goeie IT-netwerk sal die deurlopende toeganklikheid van gedigitaliseerde beeldmateriaal en elektroniese inhoud moontlik maak. Die implementering van Access to Memory (AtoM) – webgebaseerde sagteware vir die beskrywing van argiefstukke – sal die aanlyn beskikbaarstelling van argiefmateriaal vergemaklik. Die implementering van die argiefwebwerf sal toegang tot aanlyn argiefrekords

moontlik maak en 'n geleentheid bied vir toegang tot versamelings van ander efenisinstansies en universiteite.

Dielewering van rekordbestuurdienste het altyd deur middel van persoonlike konsultasie plaasgevind, maar die COVID-19-pandemie het veranderinge in diensleweringsmodelle teweeg gebring. Dit behels die verskaffing van aanlyn opleiding met inbegrip van elektroniese aansoeke, lewering en evaluering, en die implementering van aanlyn inspeksie-opnames vir regeringsliggame.

Die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke (RLCP), Mzansi Biblioteke Aanlyn, en die uitrol van die breëband- en Wi-Fi-inisiatiewe bied steeds toegang tot IKT aan die publiek. Persoonlike moniteringsbesoek en opleiding kon weens die COVID-19-pandemie nie plaasvind nie, wat gelei het tot 'n verandering in die diensleweringsmodel wat nou aanlyn vergaderings met en opleiding van openbarebiblioteekpersoneel insluit. Elektroniese en audioboek word nou gratis aan geregistreerde lede van openbare biblioteke vanuit die gemak van hul huise of feitlik enige plek beskikbaar gestel.

Gemeenskappe, veral die jeug, neem toenemend deel aan aanlyn aktiwiteite deur van internetgebaseerde bronne vir inligting en vermaak gebruik te maak. Derhalwe is dit nodig dat museums verseker dat hulle uitstallings en openbare programme toeganklik is via aanlyn netwerke sodat dit steeds relevant bly.

Voorts, soos beskryf in die Strategiese Raamwerk vir die Provinciale Strategiese Plan 2019-2024, bestaan daar ongelykheid in leerderontwikkeling en akademiese uitkomste. Histories is dit minder waarskynlik dat leerders uit arm gemeenskappe toegang sal hê tot goeie naskoolprogramme (soos sport- en kultuuraktiwiteite); dat hulle weens toenemende in-migrasie van leerders oorbesette klaskamers sal ervaar; dat hulle beperkte blootstelling aan e-leer-geleenthede sal hê; dat hulle beperkte toegang tot goeie naskoolse private onderrig sal hê; en dat hulle minder geleenthede sal hê om aan uitstappies deel te neem. Hierdie faktore word met swak akademiese prestasie geassosieer. Die holistiese (d.w.s. akademie, sport, kuns en kultuur) fokus van naskoolse programme bied aan leerders die geleentheid vir ervaringsleer, wat as uiters belangrik vir die 4de Industriële Revolusie (4IR) beskou word. Derhalwe sal die Departement voortgaan om toegang te bied tot sport, kuns en kultuur, en ander naskoolse aktiwiteite asook as geleenthede om leesvaardighede op te skerp en inisiatiewe wat onderwysuitkomste ondersteun.

Virtuele en hibriede sport en ontspanning en naskoolse aktiwiteite het tydens die COVID-19-grendeltydperk plaasgevind en sal op hierdie wyse voortgaan, wanneer voordeilig, om mense in staat te stel om in hul eie ruimtes en woonbuurte deel te neem.

Die naskoolse sektor het tegnologie doeltreffend aangewend om opleiding aan praktisyns te verskaf, om 'n aanlyn navorsingsimposium aan te bied en om gereelde praktykgemeenskapsvergaderings te hou. In die akademiese steunprogram vir hoërskoolleerders is tegnologie gebruik om virtuele tutors in wiskunde vir leerders via WhatsApp beskikbaar te stel. In die laerskoolprogram is WhatsApp ook gebruik om tuisleerhulpbronne te verskaf om ouers in staat te stel om leerondersteuning te bied. Alhoewel 'n in-persoon-formaat verkieks word, sal tegnologie steeds gebruik word om diensaanbiedinge aan te vul.

## OMGEWINGSFAKTORE

Die droogte en gebreklike waterbronne kan 'n impak op die Departement se werksaamhede hê. Sporttoerisme sal beïnvloed word wanneer federasies nie in staat is om weens omgewingsfaktore

byeenkomste aan te bied nie. Voortslepende droogte sal 'n impak op sportfasiliteite hê aangesien instandhouding 'n uitdaging sal word. Voorts word waterbesparingsmaatreëls oral in die Departement toegepas, bv. by die kultuur-, museum- en sportfasiliteite. Die Departement sal ook ondersoek instel na alternatiewe sportoppevlakte wat nie van water afhanklik is nie en ook na alternatiewe bronne kyk.

Die risiko van natuurrampe en uiterste weerstoestande kan skade aan argiefversamelings berokken, en daarom is voorbereiding vir rampe en gereelde instandhouding van die argiefgebou van kritieke belang.

#### REGS- EN REGULATORIESE OMGEWING

Die omgewing waarbinne voorsieningskanaalbestuur funksioneer is deesdae hoogs gereguleer om ondersteuning aan klein-, medium en mikro-ondernehemings te verseker. Die onvoorsiene gevolg van hierdie hoogs gereguleerde omgewing is dat geweldige druk op personeelkapasiteit geplaas word om te verseker dat die Departement op die veranderende omgewing kan reageer. Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, wat op 1 Julie 2021 in werking getree het, kan 'n invloed hê op die manier waarop die Departement dienste lewer en persoonlike inligting versamel en bewaar. Die onus berus by die Departement om sy prosesse te hersien om te verseker dat persoonlike inligting wat vereis word, veilig bewaar word.

#### VEILIGHEID- EN SEKURITEITSOMGEWING

Soos beskryf in die Strategiese Raamwerk vir die Provinciale Strategiese Plan 2019-2024, gaan Wes-Kaapse gemeenskappe steeds regstreeks en onregstreeks gebuk onder die impak van geweldsmisdaad. Die Departement se sport-, kuns- en kultuurprogramme wat opvoedkundige en indiensnemingsuitkomste ondersteun, en programme wat afleiding van negatiewe sosiale gedrag bied, dra by tot die verbetering van die veiligheidsomgewing.

Die Departement sal oorweging skenk aan maniere om die veiligheid en sekuriteit van alle mense, instansies en fasiliteite in sy regsgebied te verbeter, in die besonder die beveiliging van erfenisshulpbronne. Die Departement het addisionele befondsing verskaf om sekuriteitsmaatreëls by museums en kultuurfasiliteite te verbeter.

SASREA-vereistes vir veiligheid- en sekuriteitsplanne vir sekere geleenthede belemmer die aanbieding van groot byeenkomste, en die Departement sal kyk na maniere om hierdie uitdaging ten opsigte van dienslewering die hoof te bied.


Die Departement se fasiliteite het in die verlede onder vandalisme deurgeloop en bykomende duur veiligheidsmaatreëls moes geïmplementeer word.

## 4.2 Interne omgewing

Die Departement se huidige makrostruktuur is tans soos volg:



# Organisatoriese organogram



## Kritieke vakatures

Indiensneming en vakatures per program, soos op 31 Maart 2021			
Program	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakture-koers %
Program 1	94	91	3,2
Program 2	173	167	3,5
Program 3	194	192	1,0
Program 4	67	67	0,0
<b>Totaal</b>			

Indiensneming en vakatures per salarisband, soos op 31 Maart 2021			
Salarisband	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakture-koers %
Laer geskoold (Vlak 1-2)	99	99	0,0
Geskoold (Vlak 3-5)	151	151	0,0
Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)	184	181	1,6
Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12)	82	75	8,5
Senior bestuur (Vlak 13-16)	12	11	8,3
<b>Totaal</b>			

Indiensneming en vaktures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2021			
Kritieke beroep	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakture-koers %
Argivaris	16	16	0,0
Kultuurbeampte	6	6	0,0
Erfenisbeampte	2	2	0,0
Taalpraktisyen	6	6	0,0
Bibliotekaris	23	23	0,0
Museum Geesteswetenskaplike	25	23	8,0
Sportbevorderings-beampte	19	19	0,0
<b>Totaal</b>			

Die Departement sal daar aan werk om sy vakaturekoers te verlaag en die tyd te verminder wat dit neem om poste te vul. Ten einde werk te maak van die tekort aan kritieke vaardighede, sal dit in die Werkplekvaardighedeplan (WVP) geprioritiseer word sodat werknemers se vaardighede verbeter kan word, en geprioritiseerde studieveldelde sal by kriteria vir die toewysings van beurse geïnkorporeer word. Die Departement beskik oor 'n omvattende internskapprogram. Hierdie program sal voortgesit word sodat die Departement 'n vaardigheidsbasis het waaruit dit kern- en kritieke vaardighede kan put.

## **Werkmagplan**

Die vorige Werkmagplan 2018-2023 vir die Departement is saamgestel vir die tydperk: 1 April 2018 tot 31 Maart 2023 en was aan die einde van die derde jaar van implementering. As gevolg van 'n strategiese belyning op provinsialevlak vanweë gebeure rondom die COVID-19-pandemie, was dit egter nodig om 'n nuwe Werkmagplan vir alle WKR-departemente saam te stel vir die tydperk: 1 April 2021 tot 31 Maart 2026. Die Werkmagplan is saamgestel met die doel om die Departement behulpsaam te wees om sy strategiese doelwitte te bereik. Dit is belyn met die visie en missie van die Departement, asook die strategiese fokus van die destydse provinsiale Mensebestuurstrategie.

Die volgende prioriteite is vir die tydperk 2021-2026 geïdentifiseer en goedgekeur:

PRIORITEIT	UITKOMSTE
Identifiseer en ontwikkel die vereiste organisatoriese bevoegdheid.	Bevoegde departement wat optimaal funksioneer en belyn is met die onderskeie mandate en diensbehoeftes.
Waarde- en bevoegdheidsgebaseerde werwingspraktyke (inclusief die moontlikheid van 'n aanlyn aansoek- en siftingstelsel om die werwingspraktyke te verbeter en die regte kandidate wat toekoms- en kultuurgespas is, te lok).	Produktiewe, bevoegde en betrokke werkmag (maatstaf: beter belyning tussen diensleweringsvereistes en werkemers/persone gewerf).
Diversifieer die talentpoel.	Talentpoel saamgestel en benut. Verbeterde werkemmerwaardevoorstel.
Leerintervensies om aandag aan die volgende te skenk: a) Talent- en vaardighedsontwikkeling vir werkemers met betrekking tot ontluukende vaardighede (bv. 4IR Metabevoegdheide/funksionele en tegniese vaardighede asook gedragsvaardighede) wat kritis nodig is om die toekomsgeskikte organisasie te ondersteun. b) Prioritiseer opleidingsintervensies om aandag aan departementeel kritiese bevoegdheede en CPD-verenigtes te skenk (Departementeel-spesifiek en belyn met PDP, WVP en generiese/transversale bevoegdheede per salarisband.)	Die regte hoeveelheid bevoegde persone op die regte plek op die regte tyd met die regte bevoegdheede.
Ontwikkel en implementeer die toekomsgepaste vaardigheidstrategie (FFSS).	Professionalisering en kapasiteitsbou van die staatsdiens.
Jeugontwikkelingsprogramme om te help om talentpylyne te skep (internskappe).	Skep talentpylyne vir die jeug deur hulle gereed vir die werkmark te maak.
Herkonfigureer die provinsiale opleidingsinstituut in 'n provinsiale leer- en innovasiesentrum.	Verbeterde dienslewering deur 'n bevoegde, bekwame en etiese werkmag.
Diensbillikhedsprioriteite soos aangedui in die departementeel Dienbillikhedsplan om die Departement se werwing- en keuringsbesluite in te lig.	Volgehoue vordering met die bereiking van EE-doelwitte ten opsigte van die aangewese groep.
Verskaf gesondheid- en welstandsintervensies/-dienste ter ondersteuning van werkemmerwelstand.	'n Gesonde en betrokke werkmag.
Ontwikkel en implementeer die oorgang na 'n nuwe manier van werk / WKR se inwoner-gesentreerde kultuurprojek.	'n Inwoner-gesentreerde prestasiekultuur.

## **Stelsels en IT**

Die Departement sal voortgaan om die volgende IT-projekte gedurende die 2022-23-boekjaar te ondersteun:

- Stelselondersteuning vir die NAAIRS-, AtoM-, SBIBS- en OIB-stelsels van onderskeidelik die Departement van Sport, Kuns en Kultuur en die Staatsagentskap vir Inligtingstegnologie.

- Die implementering van 'n kultuursake- jaarlike befondsingstelsel sal help met die doeltreffende bestuur van die jaarlike befondsingsproses vir kultuurgroepe wat befondsing van die Departement verlang.
- Die implementering van 'n gimnasiumbestuurstelsel om toegang tot die Wes-Kaapse Regering se gimnasium beter te beheer.

## Akkommodasie

Die Departement beset tans 9 gehuurde en 17 staatsgeboue in die Wes-Kaap. Hierdie geboue maak dit vir die Departement moontlik om sy strategiese voorneme na te kom.

Ingevolge die Departement se gebruiker- onroerendebatesbestuursplan 2022/23 beoog die Departement oor die langer termyn die volgende:

- Om 'n fasiliteit te bou vir die bewaring, behandeling, herstel en huisvesting van nuwe versamelings en die berging van waardevolle argeologiese materiaal om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur doeltreffende en lewenskragtige funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -omgewings te skep, en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie met die uitvoering van sy wetgewende mandaat by te staan en te ondersteun.
- Om 'n geskikte ruimte te bou, te huur of te verskaf as 'n alternatief vir die ou Standard Bank-gebou vir museum- en erfenisdienste, en om die beoogde Kaapstad Museum te huisves om erfenis deur middel van museumdienste en organisasies te bevorder en te bewaar; om voorsiening te maak vir die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kultuur en erfenis; en om geaffilieerde museums verder by te staan met die implementering van die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op die Museumordonnansie, Wet 2 van 2021 en die Museumordonnansie 8 van 1975.
- Om toerisme-infrastruktur te ontwikkel om te verseker dat die voorname Wêrelderfenisterrein vir toeriste beskikbaar is en om die doelwitte van die Wieg van Mensekultuur te implementeer.
- Om bykomende ruimte vir die groeiende eenheid Finansiële Bestuur by die hoofkantoor te bekom.
- Om addisionele ruimte binne die SBD te bekom om bates en goedere te berg en te ontvang.
- Om akkommodasie in die Wes-Kaap te bekom vir ses sporthuise om die verskillende federasies te help om hulle onderskeie mandate in die volgende dorpe te na te kom: Beaufort-Wes, Oudtshoorn, Caledon, Paarl, Kaapstad en Vredenburg.
- Om die uitbreiding van die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens te prioritiseer, wat tot voordeel sal strek vir alle Wes-Kaapse en nasionale departemente, insluitend hulle belanghebbendes.
- Om huidige werkruimtes te herkonfigureer of aan te pas om die verspreiding van luggedrae siektes soos COVID-19 te voorkom.

Die akkommodasievereistes van die departement moet voldoende fasilitering van verskillende verhoudings en die doeltreffende administrasie van die sport- en kulturfederasies en gemeenskapsentrumse verseker. Die hoë profiel van die Departement op provinsialevlak impliseer dat die akkommodasie sowel hoogs toeganklik as funksioneel moet wees.

# DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE

Departementele visie:

'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap.

Departementele waardes:

Sorgsaamheid, Bevoegdheid, Aanspreeklikheid, Integriteit, Innovasie en Responsiwiteit.


Departementele impak en uitkomste:

Impakverklaring		'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap.		
No.	Uitkomste	Uitkomste-aanwyser	Basislyn	Vyfjaarteiken

No.	Uitkomste	Uitkomste-aanwyser	Basislyn	Vyfjaarteiken
1	Toegang tot en geleenthede vir deelname aan die kuns-, kultuur- en erfenissektor ter ondersteuning van ekonomiese groei, en veilige en samehorige gemeenskappe.	Verhoogde benutting van dienste in die kuns-, kultuur- en erfenissektor in die Wes-Kaap.	400 250	551 075
2	Toegang tot inligting en kennis ter ondersteuning van 'n leeskultuur en lewenslange leer.	Getal geregistreerde biblioteekgebruikers	731 456	735 000*
		Getal besoekde deur navorsers	8 700	8 700*
3	Toegang tot en geleenthede vir deelname aan sport en ontspanning.	Verhoogde benutting van dienste in die sport- en ontspanningsektor in die Wes-Kaap.	444 210	500 000

\*Hierdie teikens sal volgens Aanhangsel A van hierdie JPP hersien word.

Hierdie uitkomste hou verband met die volgende departementele beleidsdoelwitte.



## **5. Program 1 Prestasie-inligting**

### **Program 1: Administrasie**

**Doeleind:** Om algehele finansiële en strategiese bestuur en administratiewe ondersteuning aan die Departement van Kultuursake en Sport te verskaf.

#### **Ontleding per subprogram:**

##### **Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR**

Om administratiewe, kliënteskakeling- en steudienste aan die Minister vir Kultuursake en Sport te lewer.

##### **Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste**

Om 'n algehele finansiële bestuursondersteuningdiens aan die DKES te verskaf, insluitende finansiële bestuursdienste aan die drie openbare entiteite wat aan die Minister vir Kultuursake en Sport rapporteer.

##### **Subprogram 1.3: Bestuursdienste**

Om 'n administratiewe steunfunksie aan die Departementshoof te lewer deur 'n doeltreffende kommunikasiediens en strategiese en operasionele steudienst te verskaf, insluitend 'n monitering- en evalueringsdiens, die implementering van inisiatiewe vir die verbetering van dienslewering, effektiewe kliënteverhoudinge, of effektiewe bestuur van intra-/interregeringsbetrekkinge, en om beperkte voorsiening vir instandhouding- en akkommodasiebehoeftes te maak.

## Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitkomste	Uitsette	No.	Uitsetaanwysers	VIP-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2021/22	Mediumtermyn teikens					2023/24	2024/25			
					2018/19	2019/20	2020/21		2022/23		Kwartaallikse teikens							
									1ste	2de	3de	4de						
Alles	Jaarlikse verbeteringsplan vir finansiële bestuur (FMIP)	1.2.1	Getal planne geïmplementeer vir die verbetering van audit-uitkomste en verminderung van die auditbevindings wat deur die Ouditeur-Generaal en Interne Ouditeur uitgelig is om diensuitnemendheid te verseker.	5	1	1	1	1	1	-	1	-	-	1	1			
Alles	Aanbevelings van Interne Oudit geïmplementeer	1.2.2	Percentasie van aanbevelings van Interne Oudit (IO) geïmplementeer	5	-	-	97%	100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%			
Alles	Dienslewerings-verslag(-verslae) en/of handves(te)/goedgekeurde voorlegging	1.3.1	Getal dokumente vir Batho Pele/dienslewing-verbetering opgestel	5	2	2	2	2	2	-	1	-	1	2	2			
Alles	Evaluering	1.3.2	Getal evaluerings uitgevoer (monitoring- en evaluering-verwant)	5	1	1	1	1	1	-	-	-	1	1	1			
Alles	Kwartaallikse prestasieverslae	1.3.3	Getal kwartaallikse prestasie-moniteringsverslae opgestel	5	4	4	4	4	4	1	1	1	1	4	4			
Alles	GBBP	1.3.4	Getal GBBP'e ingedien	5	1	1	1	1	1	-	-	-	1	1	1			
Alles	Departementele Sake-kontinuiteitsplan	1.3.5	Departementele Sakekontinuiteitsplan word jaarliks hersien en aangepas soos nodig	5	-	-	1	1	1	-	-	-	1	1	1			
Alles	PERSAL-verslag	1.3.6	Getal interns in die Premier se Bevordering van die Jeug-program (PAY)	5	-	-	32	32	28	28	-	-	-	28	28			
Alles	Kommunikasieplan	1.3.7	Goedgekeurde departementele Kommunikasieplan	5	-	-	1	1	1	-	-	-	1	1	1			

## **5.1 Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk**

### **Bydrae van uitsette tot bereiking van uitkomste en impak**

Goeie oorsigbestuur onderstu al die werk van die Departement en Program 1 dra as sodanig by tot die bereiking van al die Departement se uitkomste.

### **Uiteensetting van beplande prestasie**

Die Bestuursverbeteringsplan dien as 'n meganisme om ekstern en interne auditbevindings te monitor. Die plan is ontwerp om die beheeromgewing binne die Departement te verbeter. Die implementering van auditbevindings word streng op 'n kwartaallikse grondslag gemonitor.

Die verantwoordelikhede van Subprogram 1.3: Bestuursdienste behels onder meer die implementering van Batho Pele-inisiatiewe binne die Departement, die monitering en evaluering van die Departement se prestasie, en beplanning vir die Departement behoeftes ten opsigte van die bestuur van onroerende bates. Dit sluit in die ontwikkeling en goedkeuring van terreinspesifieke handveste en 'n jaarverslag vir inwoners, kwartaallikse verslae oor prestasiemonitering, die voltooiing van 'n evaluering, 'n goedgekeurde Kommunikasieplan en 'n Gebruikerbatebestuursplan.

## 5.2 Program se hulpbronoorwegings

### Program 1: Administrasie

Subprogram	Uitgawe-uitkoms			Aange-suiwerde begroting	Beraamde mediumtermynbesteding		
	2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24
R duisend	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Kantoor van die LUR	9 369	9 839	9 239	8 477	8 176	8 173	8 402
Finansiële Bestuursdienste	30 998	29 780	31 737	33 709	34 156	34 052	35 488
Bestuursdienste	24 290	26 272	23 061	24 819	26 796	26 524	28 057
Totaal	64 657	65 891	64 037	67 005	69 128	68 749	71 947

### Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	59 226	61 908	64 400	59 078	63 465	64 520	65 092
Vergoeding van werknemers	48 404	49 264	51 268	48 269	51 635	52 527	53 640
Goedere en dienste	10 822	12 644	13 132	10 809	11 830	11 993	11 452
Oordragte en subsidies aan:	458	237	455	801	55	57	57
Departementele agentskappe en rekeninge	17	16		55	30	31	31
Huishoudings	220	439	783	3			
Betalings vir kapitaalbates	2 510	997	4 736	3 354	3 354	3 414	3 416
Masjinerie en toerusting	2 510	997	4 736	3 354	3 354	3 414	3 416
Betalings vir finansiële bates	2	39	42	12			
Totaal	64 657	65 891	64 037	67 005	69 128	68 749	71 947

### Bydrae van hulpbronne tot bereiking van uitsette

Die begrotingstoekenning styg met 3,17 persent of met R2,123 miljoen in 2022/23, van R65,005 miljoen in 2021/22 (aangepaste bewilliging) tot R69,128 miljoen in 2022/23. Die toename is hoofsaaklik weens voorsiening van verbruikersprysindeks (VPI) in 2022/23.

## 5.3 Bygewerkte sleutelrisiko's

Uitkomste	Sleutelrisiko	Riskoversagting
'n Maatskaplike inklusiewe, kreatieve, aktiewe en verbonde Wes-Kaap	Onvermoë om die Departement se statutêre en ander verwante dienste te lewer weens onbeplande, aansienlike ontwrigting(s)	SKP-kommunikasiestrategie vir belanghebbendes. As deel van die jaarlikse assessering van die transversale netwerksekuriteitsparameters, verkry die WKR gerusstelling dat die beheerstelsel wat in werking is om netwerksekuriteit te bestuur, voldoende is. IT-kontinuïteitsopleiding word aan Se-I en departemente voorsien, en periodieke Se-I-toetsing en toetsing van rugsteunstelsels word uitgevoer. Geautomatiseerde monitering- en waarskuwingstelsels.

<b>Uitkomste</b>	<b>Sleutelrisiko</b>	<b>Risikoversagting</b>
'n Maatskaplik inklusiewe, kreatieve, aktiewe en verbonde Wes-Kaap	Beperkte vermoë om die departement se uitkomste te behaal	<p>Bepaling van prioriteitsposte.</p> <p>Interns word aangestel en UOWP-begunstigdes verleen bystand met die uitvoering van werksaamhede.</p> <p>Fondse word na prioriteitsdienste herlei.</p> <p>Welstandsdiens word aangemoedig en aan alle personeel en bestuurders gekommunikeer. Drie welstandsdae en maandelikse inligtingssessies wat verskeie onderwerpe dek, word aangebied.</p> <p>Implementering van die verkrygingsplan.</p> <p>Monitering en uitvoering van die verkrygingsplan.</p>

## **6. Program 2 Prestasie-inligting**

### **Program 2: Kultuursake**

**Doeleind:** Om dienste in verband met kuns en kultuur, museums, erfenis en taal aan die inwoners van die Wes-Kaap te verskaf.

Ontleding per subprogram:

#### **Subprogram 2.1: Bestuur**

Om strategiese bestuursondersteuning aan kultuursake te verskaf.

#### **Subprogram 2.2: Kuns en kultuur**

Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te faciliteer deur inklusiewe, doeltreffende en dinamiese funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -omgewings te skep; en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te ondersteun om sy wetgewende mandaat uit te voer.

#### **Subprogram 2.3: Museumdienste**

Om die transformasie van die Wes-Kaapse erfenis te versnel deur museologiese dienste te verskaf vir die bewaring, ontwikkeling en bevordering van die erfenis van die provinsie via geaffilieerde museums.

#### **Subprogram 2.4: Erfenishulpbronbestuursdienste**

Om Erfenis Wes-Kaap te ondersteun en by te staan om beduidende erfenishulpbronne te identifiseer, beskerm, bewaar, bestuur en bevorder ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999; om aangeleenthede m.b.t. Wêrelderfenisterreine in die Wes-Kaap te faciliteer ingevolge die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999; om prosesse vir die standaardisering of verandering, waar nodig, van geografiese name in die Wes-Kaap te faciliteer deur die mandate van die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 op provinsialevlak te implementeer.

#### **Subprogram 2.5: Taaldienste**

Om veertaligheid in die Wes-Kaap te bevorder ter verbetering van dienslewering en toeganklikheid; om die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief te bevorder; om die implementering en monitoring van die Wes-Kaapse Taalbeleid te faciliteer; en om administratiewe, inhouds-, procedurele en finansiële bestuursteun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee te bied ter uitvoering van sy wetgewende mandaat.

## Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitkomste	Uitsette	No.	Uitsetaanwysers	VIP-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2021/22	Mediumtermynsteikens					2023/24	2024/25
					2018/19	2019/20	2020/21		Kwartaallikse teikens				2023/24	2024/25	
									2022/23	1 <sup>ste</sup>	2 <sup>de</sup>	3 <sup>de</sup>	4 <sup>de</sup>		
1	UOWP-werkgeleenthede	2.1.1	Getal UOWP-werkgeleenthede geskep	1	467	402	366	425	425	-	-	-	425	450	450
2	Werkgeleenthede geskep deur kuns-, kultuur- en erfenisprogramme	2.1.2	Getal werkgeleenthede geskep deur kuns-, kultuur- en erfenisprogramme	3	-	-	473	460	460	-	-	-	460	510	510
1	Kapasiteitsbouprogramme	2.2.1	Getal praktisyne wat by kapasiteitsbougeleenthede baat	3	267	355	194	230	260	60	75	75	50	270	270
1	Gemeenskapsgesprekke/-dialoë gevoer om sosiale interaksie aan te moedig	2.2.2	Getal gemeenskapsgesprekke/-dialoë per jaar gevoer om sosiale interaksie aan te moedig	3	3	3	3	3	3	-	-	-	3	3	3
1	Geleenthede om nasionale en geskiedkundige dae te gedenk	2.2.3	Getal nasionale en geskiedkundige dae gedenk	3	3	3	3	3	3	2	1	-	-	3	3
1	Getal strukture ondersteun	2.2.4	Getal gemeenskapstrukture ondersteun	3	32	34	19	37	39	-	-	-	39	39	39
1	Finansiële bystand aan kuns- en kultuurorganisasies, individue en maatskappye	2.2.5	Getal kuns- en kultuurorganisasies, individue en maatskappye ondersteun	3	69	64	79	60	85	5	35	35	10	75	75
1	Tentoonstellings- en promosieplatforms	2.2.6	Getal projekte om kuns en kultuur te ontwikkel en te bevorder	3	20	23	3	15	20	5	5	5	5	20	20
1	Finansiële bystand aan die Kultuurkommissie	2.2.7	Getal kultuurkommissies ondersteun	3	1	1	1	1	1	-	1	-	-	1	1
1	Kunstenaars geplaas in skole	2.2.8	Getal kunstenaars geplaas in skole per jaar	3	-	-	0	25	25	-	-	-	25	25	25
1	Geleenthede om nasionale simbole en ordes te bevorder	2.3.1	Getal intervensies oor die bevordering van nasionale simbole en ordes	3	3	3	3	3	3	-	1	1	1	3	3

Uitkomste	Uitsette	No.	Uitsetaanwysers	VIP-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2021/22	Mediumtermynsteikens						
					2018/19	2019/20	2020/21		2022/23	Kwartaallikse teikens				2023/24	2024/25
					1ste	2de	3de	4de							
2	Openbare bewusmakingsaktiverings vir "Ek is die vlag"	2.3.2	Getal openbare bewusmakingsaktiverings vir "Ek is die vlag"	1	-	-	4	4	4	-	2	1	1	4	4
1	Finansiële en administratiewe steun aan geaffilieerde museums	2.3.3	Getal geaffilieerde museums ondersteun	3	30	31	31	31	32	26	-	-	6	32	32
1	Goeie handhawing van 'n museumdiens wat voortdurende steun aan geaffilieerde museums verskaf	2.3.4	Getal museumdienste gehandhaaf om steun aan geaffilieerde museums te bied	3	1	1	1	1	1	-	-	-	1	1	1
1	Kennisdelingsplatforms deur verteenwoordigers van geaffilieerde museums en beheerliggame bygewoon	2.3.5	Getal kennisdeleningsplatforms vir museums aangebied	3	1	1	1	1	1	1	-	-	-	1	1
1	Aanbieding van opvoedkundige programme by geaffilieerde museums	2.3.6	Getal opvoedkundige museumprogramme aangebied	3	3	4	3	3	3	-	1	1	1	3	3
1	Getal besoekers aan geaffilieerde museums	2.3.7	Getal museumbesoekers	3	-	-	68 884	110 000	110 000	25 000	25 000	35 000	25 000	110 000	110 000
1	Jaarlikse oordragbetaling aan provinsiale erfenishulpbronowerheid	2.4.1	Getal provinsiale owerhede in erfenishulpbronbestuur met oordragbetalings ondersteun	3	1	1	1	1	1	1	-	-	-	1	1
2	Hersiening en verifiëring van geografiese name in die provinsie	2.4.2	Aantal geografies name geverifieer deur die Wes-Kaapse Komitee vir Proviniale Geografiese Name	3	340	405	340	340	340	-	110	110	120	340	340
1	Intervensies rakende provinsiale Weerstand en Bevryding Erefenisroete (WBE)	2.4.3	Getal intervensies rakende provinsiale Weerstand en Bevryding Erefenisroete (WBE)	1	-	-	2	2	2	-	-	1	1	2	2
1	Finansiële bystand aan die Wes-Kaapse Taalkomitee	2.5.1	Getal taalondersteuningsdienste deur middel van oordragbetalings ondersteun	3	1	1	1	1	1	-	1	-	-	1	1

Uitkomste	Uitsette	No.	Uitsetaanwysers	VIP-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2021/22	Mediumtermyn teikens						
					2018/19	2019/20	2020/21		Kwartaallikse teikens				2023/24	2024/25	
									2022/23	1 <sup>ste</sup>	2 <sup>de</sup>	3 <sup>de</sup>	4 <sup>de</sup>		
1	Projekte voltooi ter bevordering van veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal	2.5.2	Getal projekte wat die wetgewende mandaat uitvoer om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal te bevorder	3	6	7	5	3	6	1	2	2	1	6	6
1	Taalondersteuningsdienste in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en vir SA Gebaretaal verskaf	2.5.3	Getal taal-ondersteuningsdienste in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en vir SA Gebaretaal verskaf	3	–	–	492	380	448	112	112	112	112	448	448

## **6.1 Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk**

### **Bydrae van uitsette tot bereiking van uitkomste en impak**

Toegang tot en geleenthede vir deelname aan die kuns-, kultuur- en erfenissektor ter ondersteuning van ekonomiese groei, en veilige en samehorige gemeenskappe sal bereik word deur die volgende:

- Die volgehoue bevordering en monitering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid.
- Taaldienste-ondersteuning word in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, insluitende Suid-Afrikaanse Gebaretaal, word verskaf.
- Oordragbetaling en administratiewe, inhouds-, prosedurele en finansiële bestuursondersteuning aan die Wes-Kaapse Taalkomitee en Wes-Kaapse Kultuurkommissie.
- Die Kunsontwikkellingsprogram, ingelig deur die bestuurdenetwerkmodel, het ten doel om gemeenskapskunsontwikkeling te versterk wat deur kuns en kultuur tot die genesing van gemeenskappe sal bydra. Die program poog om deur strategiese vennootskappe gemeenskapskunste te ondersteun en te versterk deur middel van kapasiteitsbou-aktiwiteite, ondersteuning van gemeenskapskunste-aktiwiteite, en om platforms vir tentoonstelling te voorsien wat individuele genesing, geestesgesondheid, maatskaplike inklusiwiteit en ekonomiese geleenthede bevorder.
- Die Departement dra deur die jaarlikse befondsingsprogram daartoe by om 'n instaatstellingsomgewing te skep wat aan organisasies, individue en maatskappye 'n geleentheid bied om die lewe van kunstenaars, ontvangers, praktisys van die kunte, en gehore te verbeter deur die ondersteuning wat gelewer word.
- Indiensneming en ekonomiese lewensvatbaarheid.
- Veiligheid en misdaadvoorkoming / voorkoming van primêre geweld.
- Die Weerstand en Bevryding Erfenisroete wat in oorleg met die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur geskep is, herdenk die terreine wat met die weerstand- en bevrydingserfenis van Suid-Afrika verband hou. Die drie verwante terreine in die Wes-Kaap sluit in: Madiba Huis wat by die Drakenstein Korrektyiewe Fasiliteit geleë is, Tussen die Riviere wat tussen die Swart- en Liesbeekrivier in Observatory geleë is, en die Robbeneiland-tronklandskap.

Die bogemelde uitsette sal bydra tot die bemagtiging van inwoners deurdat hulle in hul moedertaal toegang tot deelname sal hê. Taal is 'n belangrike meganisme in kommunikasie wat sukses in opvoeding ten grondslag lê, wat weer 'n impak het op maatskaplike insluiting en op alle strategiese prioriteitsareas van die regering. Voorts is die diversiteit van ons kulture en die kennis van ons onderskeie gemeenskappe in taal veranker, en om hierdie rede is dit van kritieke belang dat kulture en waardes van een geslag na die volgende oorgedra word.

Die uitsette van die kunsontwikkellingsprogram sal bydra tot die bemagtiging van gemeenskapskunsorganisasies wat versterk word deur kapasiteitsbou-aktiwiteite om programme vir gemeenskapskunste te implementeer wat ontwikkelingsgeleenthede vir individue skep, veral vir kinders, die jeug en vroue. Verder het die kunsontwikkellingsprogramme ten doel om deur strategiese vennootskappe gemeenskapskunsorganisasies in die implementering van kunsontwikkellingsprogramme te ondersteun. Die program poog ook om die versterking van 'n netwerk van gemeenskapskunsorganisasies wat geposioneer is om kunsprogramme op 'n distrik- en plaaslikevlak in te lig, te ondersteun. Dit sal uitvoering daaraan gee dat kuns en kultuur plaaslike GOP-prosesse

inlig, plaaslike kulture bewaar en bevorder, en plaaslike ekonomiese strategieë wat met toerisme belyn is, beïnvloed.

## **Uiteensetting van beplande prestasie**

Die Departement sal voortgaan om te fokus op die uitvoering van die wetgewende mandaat om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en die behoeftes van dowses te bevorder. Verdere geleenthede om waardevolle vennootskappe aan te vul, sal gehandhaaf word. Dit sal voorsiening maak vir 'n doeltreffender, samehangende en volhoubare benadering in ons kollektiewe pogings om die lewensgehalte van inwoners deur taal te verbeter.

Taal is 'n meganisme vir kommunikasie wat van kritieke belang is vir die bereiking van die regering se strategiese prioriteitsareas en die gevvolglike impak van dienslewering op die lewens van inwoners. Die Departement sal voortgaan om taalondersteuningsdienste namens die WKR te lewer om te verseker dat inwoners aan die drie amptelike tale van die provinsie en aan Suid-Afrikaanse Gebaretaal blootgestel word. Die Departement sal ook aanhou om die Wes-Kaapse Taalbeleid te ondersteun deur middel van finansiële ondersteuning aan die Wes-Kaapse Taalkomitee, 'n Bylae 3C-openbare entiteit ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999).

Die Departement ondersteun steeds die wetlik gemandateerde werk van Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbronowerheid, deur middel van jaarlikse finansiële ondersteuning en die voorsiening van personeel van erfenishulpbronbestuursdienste om die werk van die entiteit te verrig. Die Direktoraat: Museums, Erfenis en Geografiese Name help met intervensies wat bydra tot die Wes-Kaapse Provinciale afdeling van die Weerstand- en Bevryding Erfenisroete as deel van die nasionale Weerstand- en Bevrydings Erfenisroete-projek.

Die eenheid Kunsontwikkeling, ingelig deur die provinsiale Herstelplan, die devolusie van die nasionale program vir gemeenskapskunssentrums en die impak van besuinigingsmaatreëls op hulpbronne, het sy model van werksaamhede verskuif. Die eenheid sal deur middel van strategiese vennootskappe met munisipaliteite, die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur en gemeenskapskunsorganisasies daarop fokus om die netwerke van laasgenoemde organisasies te versterk deur kapasiteitsbou-aktiwiteite en vennootskappe met dié organisasies wat kunsontwikkelingsprogramme implementeer, en sal geleenthede bied vir tentoonstelling op die gebied van dans, drama, musiek en die literêre kunste. Hierdie nuwe model van werk sal verseker dat gemeenskapskunsontwikkeling steeds sy regmatige plek inneem as 'n instrument om gemeenskappe te genees en kultuur te vier.

## 6.2 Program se hulpbronoorwegings

### Beraamde besteding

Program 2: Kultuursake

Subprogram R duisend	Uitgawe-uitkoms			Aange- suiwerde begroting	Beraamde mediumtermynbesteding		
	2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24
Bestuur	3 920	3 838	3 753	3 328	4 440	4 387	4 537
Kuns en kultuur	34 078	36 011	38 515	39 324	39 423	38 548	39 217
Museumdienste	62 928	64 466	61 405	62 144	65 632	59 729	61 787
Erfenishulpbrondienste	8 567	8 655	6 839	10 679	15 141	15 201	15 548
Taaldienste	3 738	4 933	4 350	5 164	5 795	5 757	6 040
Totaal	113 231	117 903	114 862	120 639	130 431	123 622	127 129

### Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	71 636	74 526	64 181	76 475	89 855	85 461	88 916
Vergoeding van werknemers	55 613	58 711	56 731	62 522	69 418	68 061	71 520
Goedere en dienste	16 023	15 815	7 450	13 953	20 437	17 400	17 396
Oordragte en subsidies aan:	39 677	41 418	48 263	39 986	37 165	35 788	35 833
Departementele agentskappe en rekeninge	4 176	2 920	3 226	2 064	2 788	2 578	2 596
Instellings sonder winsoogmerk	35 200	38 295	42 344	37 682	34 909	33 210	33 237
Huishoudings	301	203	2 693	240			
Betalings vir kapitaalbates	1 884	1 923	2 370	4 171	2 878	2 374	2 380
Masjinerie en toerusting	1 884	1 923	2 370	4 171	3 014	2 374	2 380
Betalings vir finansiële bates	34	36	48	7			
Totaal	113 231	117 903	114 862	120 639	130 431	123 622	127 129

### Bydrae van hulpbronne tot bereiking van uitsette

Die begrotingstoekennung styg met 8,12 persent of met R9,792 miljoen in 2022/23, van R120,639 miljoen in 2021/22 (aangepaste bewilliging) tot R130,431 miljoen in 2022/23. Die styging is weens die volgende nuwe geoormerkte toekennings wat vir 2022/23 aan hierdie program bewillig is:

- R1,5 miljoen vir die Kangogrotte, waarvan R1 miljoen toegeken is om 'n uitvoerbaarheidstudie te doen met die doel om inkomstegenerering te verhoog om toekomstige volhoubaarheid te verseker; en R0,500 miljoen om 'n kosteberekeningstudie te doen om te bepaal wat die bedrag befondsing is wat nodig is vir die instandhouding van die Kangogrotte en omliggende infrastruktuur oor die kort, medium en langtermyn; en
- R1,5 miljoen vir kultuurfasiliteite: Om 'n uitvoerbaarheidstudie vir 'n potensiële PPV vir Melkbos Oppiesee- en Schoemanspoort-kultuurfasiliteite uit te voer om hierdie fasiliteite, benewens die huidige model van openbare gebruik, te omskep na 'n vlak wat privaat gebruik sal toelaat.

Benewens die bogenoemde, is 'n bedrag van R0,815 miljoen verbind tot die Wieg van Mensekultuur – argeologiese en paleontologiese erfenistoerismeroete.

### 6.3 Bygewerkte sleutelrisiko's

Uitkomste	Sleutelrisiko	Risikoversagting
'n Maatskaplike inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap	Onvermoë om die Departement se statutêre en ander verwante dienste te lewer weens onbeplande, aansienlike ontwrigting(s)	SKP-kommunikasiestrategie vir belanghebbendes. As deel van die jaarlikse assessering van die transversale netwerksekuriteitsparameters, verkry die WKR gerusstelling dat die beheerstelsel wat in werking is om netwerksekuriteit te bestuur, voldoende is. IT-kontinuïteitsopleiding word aan Se-I en departemente voorsien, en periodieke Se-I-toetsing en toetsing van rugsteunstelsels word uitgevoer. Geautomatiseerde monitering- en waarskuwingstelsels.
'n Maatskaplike inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap	Beperkte vermoë om die departement se uitkomste te behaal	Bepaling van prioriteitsposte. Interns word aangestel en UOWP-begunstigdes verleen bystand met die uitvoering van werkzaamhede. Fondse word na prioriteitsdienste herlei. Welstandsdiens word aangemoedig en aan alle personeel en bestuurders gekommunikeer. Drie welstandsdae en maandelikse inligtingsessies wat verskeie onderwerpe dek, word aangebied. Implementering van die verkrygingsplan. Monitering en uitvoering van die verkrygingsplan.
Toegang tot en geleenthede vir deelname in die kuns-, kultuur- en erfenissektor ter ondersteuning van ekonomiese groei, en veilige en samehorige gemeenskappe	Onvermoë van museums om erfenisbates voldoende te bewaar en daarvan rekenskap te gee	OGSA het die uitstaande audit-agterstand van provinsie-ondersteunde museums uitgevoer. Strategiese intervensies was na die bevindings nodig en word tans ontwikkel. (Museumsteundiens sal saam met die museumrade werk.) Bykomende befondsing is ontvang om 'n nuwe bestuurstruktuur in te stel wat beoog om streeksmuseums te implementeer. Ooreenkomsdig hierdie model het die Departement 'n streeks-museumbestuurder vir die Kaapse Metro/Weskus aangestel. Gereelde samesprekings met die Provinciale Tesourie en met die Ouditeur-generaal word gehou in verband met uitdagings rakende finansiële verslagdoening (ingevolge die PFMA) en die ouditering van statutêre liggeme soos geaffilieerde museums en oorsigbestuur. Jaarlike museumsimposium met verteenwoordigers van beheerliggame en met hoofde van museums waar aspekte van museumbestuur spesifieke aandag geniet (bv. bedrogvoorkoming, finansiële verslagdoening, kwessies rakende oorsigbestuur).
Toegang tot en geleenthede vir deelname aan die kuns-, kultuur- en erfenissektor ter ondersteuning van ekonomiese groei, en veilige en samehorige gemeenskappe.	Moontlike botsing van belang ten opsigte van oordragbetalings aan begunstigdes	Departementelete etiekstrategie is ontwikkel, goedgekeur en aan alle amptenare gekommunikeer. Beregters word vereis om vertroulikheidsooreenkoms te onderteken. Alle personeel in die oordragbetalingswerkvloeい word vereis om 'n verklaring van belang te onderteken. Finansiële openbaarmakings word jaarliks deur magtigingsamptenare voltooi. Klousule oor 'zero toleransie vir bedrog, diefstal en korruksie' is by alle oordragbetalingsooreenkoms ingesluit.

## **7. Program 3 Prestasie-inligting**

### **Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste**

**Doeleind:** Om omvattende biblioteek- en argiefdienste in die Wes-Kaap te lewer.

#### **Ontleding per subprogram:**

##### **Subprogram 3.1: Bestuur**

Om strategiese bestuur en ondersteuning vir Program 3 te verskaf.

##### **Subprogram 3.2: Biblioteekdiens**

Om in ooreenstemming met die betrokke toepaslike wetgewing en grondwetlike mandate biblioteekdienste te verskaf.

##### **Subprogram 3.3: Argief**

Om argief- en rekordbestuursdienste ingevolge die Wet op die Provinciale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 te lewer.

Om Ondernemingsinhoudbestuur (OIB)/MyContent in Wes-Kaapse regeringsliggame te implementeer en/of ondersteun.

## Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	PSD-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2021/22	Mediumtermynsteikens							
				2018/19	2019/20	2020/21		2022/23	Kwartaallikse teikens			2023/24	2024/25		
				1ste	2de	3de	4de								
2	Biblioteke gebou	3.2.1	Getal biblioteke per jaar gevestig*	3	2	4	0	1	2	-	-	-	2	0	0
2	Opgradering van biblioteek-fasiliteite	3.2.2	Getal bestaande fasiliteite vir openbare biblioteke opgegradeer	3	1	4	0	0	0	-	-	-	0	0	0
2	Biblioteekmateriaal aangekoop	3.2.3	Hoeveelheid biblioteekmateriaal aangekoop**	3	4 003	3 941	2 109	2 500	4 000	-	-	-	4 000	4 000	4 000
2	Moniteringsbesoeke	3.2.4	Getal moniteringsbesoeke onderneem	5	1 503	1 495	477	1 107	1 181	330	293	343	215	1 139	1 139
2	Openbare bewusmakingsprogramme	3.2.5	Getal openbare bewusmakingsprogramme uitgevoer***	3	11	11	9	11	10	2	3	2	3	10	10
2	Opleidingsprogramme	3.2.6	Getal opleidingsprogramme aangebied vir openbarebiblioteek personeel	3	33	29	15	17	18	5	5	6	2	18	18
2	Biblioteke met internettoegang vir die publiek	3.2.7	Getal biblioteke met internettoegang vir die publiek	3	226	227	228	229	231	-	-	-	231	231	232
2	Biblioteekdienspunte	3.2.8	Getal biblioteekdienspunte	3	375	378	374	375	372	-	-	-	372	372	372
2	Oordragbetalings van vervangingsbefondsing	3.2.9	Getal B3-munisipaliteite wat oordragbetalings van vervangingsbefondsing ontvang vir personeel, bedryfs- en/of kapitaalbesteding rakende biblioteke	3	15	15	15	15	15	-	-	-	15	15	15

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	PSD-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2021/22	Mediumtermynsteikens					
				2018/19	2019/20	2020/21		2022/23	Kwartaallikse teikens			2023/24	2024/25
				1ste	2de	3de	4de						
2	Betaling van Metro Biblioteek-toelae	3.2.10	Getal munisipaliteit wat oordragbetalings van die Metro Biblioteek-toelae ontvang vir die opgradering en instandhouding van biblioteke	5	1	1	1	1	-	-	-	1	1
2	Personeel befonds	3.2.11	Getal poste vir biblioteekpersoneel befonds deur vervangings-befondsing	5	252	240	240	240	240	-	-	240	240
2	Moniterings-besoekte en -vergaderings	3.2.12	Getal moniterings-besoekte aan en aanlyn vergaderings met B3-munisipaliteit	5	48	46	15	15	30	-	-	30	45
2	Lidmaatskap	3.2.13	Getal geregistreerde biblioteekgebruikers	3	-	-	665 684	731 711	661 535	-	-	661 535	664 353
2	Geletterdheids-intervensies	3.2.14	Getal geletterdheids-intervensies aangebied by openbare biblioteke in die Wes-Kaap	3	-	-	2 374	8 472	9 528	2 382	2 382	2 382	9 672
2	Programme oor openbare bewusmaking	3.3.1	Getal programme vir openbare bewusmaking wat in argiewe uitgevoer is****	3	30	28	1	4	4	2	1	-	1
2	Projekte oor mondeline geskiedenis	3.3.2	Getal projekte oor mondeline geskiedenis onderneem	3	4	4	4	4	5	1	1	2	1
2	Opleidings-intervensies	3.3.3	Getal opleidings-intervensies	5	262	10	7	5	6	1	2	2	1
2	Navrae verwerk	3.3.4	Getal navrae verwerk	3	6 070	6 812	2 932	4 550	3 550	850	925	925	850

Uitkomste	Uitsette		Uitsetaanwysers	PSD-skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2021/22	Mediumtermynsteikens						
					2018/19	2019/20	2020/21		2022/23	Kwartaallikse teikens				2023/24	2024/25
					1ste	2de	3de	4de							
2	Besoekendeur navorsers aan die Argief	3.3.5	Getal besoekendeur navorsers aan die Argief	3	8 896	9 316	2 649	5 050	3 955	975	1 000	1 000	980	3 960	3 965
2	Gerestoureerde argivalia	3.3.6	Getal argivalia (dokumente) herstel	3	563	570	425	570	570	142	142	144	142	571	572
2	Lineêre meters georden	3.3.7	Aantal lineêre meter gerangskik		236.30	242.65	166.8	241	241	60	65	51	65	242	243
2	Gefokusde ondersteuning	3.3.8	Getal departemente wat gefokusde OIB-ondersteuning ontvang	5	2	2	2	2	3	-	-	-	3	2	2
2	Klassifikasiestelsels geëvalueer en/of goedgekeur	3.3.9	Getal rekordklassifikasiestelsels geëvalueer en/of goedgekeur	5	140	154	124	114	115	31	32	26	26	118	120
2	Inspeksies uitgevoer	3.3.10	Getal inspeksies uitgevoer	5	31	30	22	30	30	9	9	6	6	31	32
2	Wegdoeningsmagtigings	3.3.11	Getal magtigings vir vervreemding uitgereik	5	22	20	19	19	15	4	5	3	3	10	10
2	Inventarisse opgestel en bygewerk	3.3.12	Getal inventarisse opgestel en bygewerk	3	6	7	5	8	8	2	2	2	2	9	10

\* Nuwe nasionale aanwyser. Getal nuutgeboude en/of modulêre biblioteke wat voorheen per jaar finansieel ondersteun is

\*\* Verwys na individuele titels en e-boek-titels, nie getal kopieë nie.

\*\*\* Nuwe nasionale aanwyser. Voorheen Biblioteek-promosionele Projekte

\*\*\*\* Dit was voorheen 'n saamgestelde aanwyser wat museums en biblioteke ingesluit het. Die hersiene nasionale, gestandaardiseerde aanwysers sluit nou slegs die Argief in.

## **7.1 Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk**

### **Bydrae van uitsette tot bereiking van uitkomste en impak**

Die Departement sal voortgaan om munisipaliteit in die Wes-Kaap te ondersteun in die lewering openbarebiblioteekdienste wat:

- gratis, billik en toeganklik is;
- voorsiening maak vir inligting-, lees- en leerbehoeftes; en
- 'n leeskultuur, biblioteekgebruik en lewenslange leer bevorder.

Verder sal deurlopende bewusmakingsprogramme in gemeenskappe plaasvind vir maatskaplike insluiting, die bou van nasionale identiteit en die ondersteuning van demokrasie in die provinsie. Die digitalisering van argiefrekords en die implementering van Access to Memory (AtoM) en die webwerf in die argiewe sal toegang tot argiefmateriaal verbeter om aan die behoeftes van gebruikers wêreldwyd te voldoen.

Die opleiding van personeel van regeringsliggame in rekordbestuurspraktyke sal voortgaan, asook inspeksies oor rekordbestuur by regeringsliggame om te help dat rekords regdeur die lewensiklus daarvan behoorlik geskep en gehandhaaf word.

Toegang tot inligting en kennis ter ondersteuning van 'n leeskultuur en lewenslange leer word deur die volgende gefasiliteer:

- Die aankoop en verskaffing van biblioteekmateriaal om 'n leeskultuur en lewenslange leer te bevorder.
- Die vestiging van die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke by addisionele landelike openbare biblioteke.
- Volle befondsing van die meeste van die kategorie B3-munisipaliteit.
- Die verskaffing van gedeeltelike befondsing aan die Stad Kaapstad via die Metrobiblioteek-toelae.
- Die oordrag van befondsing aan munisipaliteit vir biblioteekpersoneel en sekere bedryfskoste.
- Die ontwikkeling van die personeel by openbare munisipaliteit se professionele en tegniese vaardighede deur middel van verskeie opleidingsprogramme.
- Die vestiging van minibiblioteke vir blinde of gesiggestremde eindgebruikers of vir dié wat nie gedrukte media kan gebruik nie.
- Voortgesette promosie- en bewusmakingsprogramme om biblioteekgebruik te versterk
- Die daarstelling van 'n argiefwebportaal wat die toeganklikheid tot hierdie kennis- en inligtingsbron tot voordeel van die publiek sal verbeter. Deurlopende dienste wat deurlopend ter plaatse in leeskamers aangebied word, dra by tot die verskaffing van inligting en die uitbreiding van toegang tot argiefrekords.
- Goeie rekordbestuur deur regeringsliggame is van kritieke belang vir goeie oorsigbestuur, wat die grondslag vir aanspreeklikheid en die beskerming van individue se regte sal verskaf.
- Toenemende en verbeterde toegang tot argiefrekords, insluitend:
  - Verbeterde rekordbestuursdienste by regeringsliggame
  - Goed bewaarde argieferfenis
  - Toenemende kennis van historiese inligting
  - Die toenemende deel van kennis met ander lande
  - Gemoderniseerde argief- en rekordbestuursdienste

## **Uiteensetting van beplande prestasie**

Die Departement sal 372 biblioteekdienspunte regoor die provinsie in stand hou en ondersteun. Die getal biblioteke wat via die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke aan die internet gekoppel is, sal na 231 verhoog word. Die monitering en evaluering van dienste sal voortduur met besoeke aan die munisipaliteite asook aan die openbare biblioteke, en sal aanlyn vergaderings insluit. Opleidingsprogramme sal steeds aangebied word, insluitend aanlyn opleidingsintervensies. Die Departement sal steeds oordragbetalings maak vanaf die Municipale Vervangingsfonds, voorwaardelike toelae en Metro Biblioteek-fonds met die hoofdoel om personeel aan te stel. Die Departement verskaf dienste ter plaatse in leeskamers aan die publiek vir navorsingsdoeleindes. Die implementering van die argiefstelsel, Access to Memory (AtoM), maak voorsiening vir die ordenproses en beskrywing van argiefrekords om dit vir die publiek toeganklik te maak, terwyl die toename in die digitalisering van argiefrekords met die oog op bewaring en toeganklikheid oor die lang termyn dienslewering verbeter en benutting van argieferfenis deur lede van die publiek bevorder. Die opvoeding van die publiek, veral die jeug, deur middel van uitreikprogramme behels dat die Departement besoeke aan skole en gemeenskappe bring en aanlyn aanbiedings doen wat verseker dat bewusmakingsprogramme deurentyd in alle gemeenskappe uitgerol word.

Mondelinge geskiedenis behels die versameling, deur middel van opnames van onderhoude, van herinneringe, die stemme van individue, en mense of verenigings wat deel was van vorige gebeure van historiese belang. Die Departement sal voortgaan om mondelinge geskiedenis op te teken en te versamel om die geskrewe geskiedenis vir bewaring aan te vul. Dit is by argiewe en biblioteke beskikbaar sodat die publiek en navorsers toegang daartoe kan verkry. Opleidingsintervensies sal steeds aangebied word insluitend aanlyn opleidingsintervensies. Inspeksies van rekords van regeringsliggame sal uitgevoer word, insluitend die implementering van aanlyn inspeksie-opnames. Die implementering van doeltreffende en doelmatige rekordbestuurspraktyke regdeur die provinsie sal voortgaan, en 30 oudits van rekords sal uitgevoer word om alle vorme van rekord- en inligtingsbestuur by regeringsliggame te monitor. Kursusse in die bestuur van elektroniese rekords sal steeds aangebied word om rekordbestuurspersoneel op te lei in die oorskakeling van rekordhouding op papier na elektroniese rekords.

## 7.2 Program se hulpbronoorwegings

### Beraamde besteding

#### Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Subprogram R duisend	Uitgawe-uitkoms			Aange- suiwerde begroting	Beraamde mediumtermynbesteding		
	2018/19	2019/20	2020/21		2021/22	2022/23	2023/24
Bestuur	6 424	6 632	6 164	9 005	7 964	8 124	8 408
Biblioteekdienste	346 403	368 965	325 383	413 081	376 526	378 131	392 304
Argief	18 397	19 719	21 376	25 211	61 397	35 271	36 417
Totaal	371 224	395 316	352 923	447 297	445 887	421 526	437 129

### Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	109 384	116 552	103 937	121 489	141 032	156 233	160 784
Vergoeding van werknemers	66 847	67 485	66 442	71 112	75 641	73 694	77 714
Goedere en dienste	42 537	49 067	37 495	50 377	65 391	82 539	83 070
Oordragte en subsidies aan:	253 606	266 820	244 307	316 077	281 123	257 160	268 037
Provisies en munisipaliteit	252 490	265 557	242 667	310 412	279 652	255 919	266 741
Instellings sonder winsoogmerk	900	900	1 200	5 337	1 451	1 220	1 275
Huishoudings	216	363	440	328	20	21	21
Betalings vir kapitaalbates	8 187	11 936	4 629	9 703	23 732	8 133	8 308
Masjinerie en toerusting	8 187	11 936	4 595	9 703	23 732	8 133	8 308
Sagteware en ander ontasbare bates			34				
Betalings vir finansiële bates	47	8	50	28			
Totaal	371 224	395 316	352 923	447 297	445 887	421 526	437 129

### Bydrae van hulpbronne tot bereiking van uitsette

Die begrotingstoekenning daal met 0,32 persent of met R1,410 miljoen in 2022/23, van R447,297 miljoen in 2021/22 (aangepaste bewilliging) tot R445,887 miljoen in 2022/23. Die daling is weens 'n eenmalige geoormerkte toekenning van R38,500 miljoen wat in 2021/22 ontvang is om die voorwaardelike toelaetoekenning ter ondersteuning van die Openbare Biblioteekdienst aan te vul. Die begroting vir 2022/23 sluit 'n nuwe eenmalige geoormerkte toekenning van R16,476 miljoen in vir 'n virtuele en digitale diensprojek in die Wes-Kaapse Proviniale Argief.

